

ARTIKEL 9C VAN DIE INKOMSTEBELASTINGWET MET SPESIALE  
VERWYSING NA AKTIEWE EN PASSIEWE INKOMSTE.

deur

ADELLE WIESE

WERKSTUK

ingelewer ter gedeeltelike voldoening aan die vereistes vir die graad

MCOMM (BELASTING)

in die

FAKULTEIT EKONOMIESE EN BESTUURSWETENSKAPPE



UNIVERSITEIT VAN STELLENBOSCH

STUDIELEIER : PROF J A MATTHEE

Desember 1998

## VERKLARING

Ek, die ondergetekende, verklaar hiermee dat die werk in hierdie werkstuk vervat, my eie oorspronklike werk is en dat ek dit nie vantevore in die geheel of gedeeltelik by enige universiteit ter verkryging van 'n graad voorgelê het nie.

*A WIESE*

A WIESE

30 September 1998

## **ARTIKEL 9C VAN DIE INKOMSTEBELASTINGWET MET SPESIALE VERWYSING NA AKTIEWE EN PASSIEWE INKOMSTE**

Die Katz-kommissie het in die Vyfde Interim Verslag aanbevelings aangaande 'n aantal fundamentele belastingkwessies, insluitend die onderskeid tussen die bron- en verblyf-grondslag, gemaak.

Die Kommissie het tot die gevolgtrekking gekom dat die bron-grondslag behou moet word, maar dat daar 'n onderskeid tussen "aktiewe" en "passiewe" inkomste gemaak moet word. "Aktiewe" inkomste moet dan op die bron-grondslag belas word en "passiewe" inkomste op die verblyf-grondslag.

Met ingang 1 Julie 1997 is die valutabeheermaatreëls vir Suid-Afrikaanse inwoners verslap wat beteken het dat Suid-Afrikaners voortaan tot 'n beperkte mate in die buiteland beleggings kan maak. Om die Suid-Afrikaanse belastingbasis in die tussentyd te beskerm is artikels 9C en 9D met ingang 1 Julie 1997 tot die Wet gevoeg. Artikel 9C reguleer die belasting van beleggingsinkomste uit buitelandse bronne.

Die hoofdoel van hierdie studie was om die belasting van beleggingsinkomste uit buitelandse bronne in Suid-Afrika te ondersoek. 'n Kritiese analise van artikel 9C is gedoen binne die konteks van die voorstelle gemaak deur die Katz-kommissie in die Vyfde Verslag. Die klem van die studie het op die vereistes vir die uitsluiting van sogenaamde aktiewe beleggingsinkomste in artikel 9C(3)(a) geval.

Tydens die ontleding van artikel 9C was dit noodsaaklik om vas te stel waar die terme wat in die artikel gebruik is, ontstaan het. Die terme wat nie vir die eerste maal in die Suid-Afrikaanse belastingkonteks gebruik is nie, is ontleed na aanleiding van die menings van Suid-Afrikaanse belastingspesialiste en nasionale regspraak. Die nuwe terme kom meesal in internasionale modelle van belastingkonvensies en buitelandse belastingkodes voor. Die terme is hoofsaaklik ontleed na aanleiding van die gebruik daarvan in die *Model Tax*

*Convention on Income and on capital of the Organisation for Economic Co-operation and Development.*

Die kritiese ontleding van artikel 9C het die toepaslikheid van die artikel op ander afdelings in die Inkomstebeltingwet, 'n kortlikse verwysing na artikel 9D en die verligting beskikbaar aan belastingpligtiges ten opsigte van dubbele belasting, ingesluit. Die invorderbaarheid van die belasting, die effek van die belasting op immigrante en die effek van die elektroniese toekoms op die belasting is ook ondersoek.

Die slotsom waartoe die skrywer in hierdie studie gekom het, is dat meeste van die begrippe in artikel 9C internasionaal verstaanbaar is en ontleed kon word, wat die Wet wêreldwyd meer aanvaarbaar en verstaanbaar behoort te maak. Die Suid-Afrikaanse Inkomstediens sal egter riglyne ten opsigte van die onduidelike begrippe moet verskaf en die nodige ongelykhede en inkonsekwentheid in die Wet moet regstel.

In die lig van verdere ondersoek deur die Suid-Afrikaanse Inkomstediens, na aanleiding van die voorstelle deur die Katz-kommissie in die Vyfde Verslag, verskaf artikel 9C 'n stel internasionaal aanvaarde beginsels waarop toekomstige regulasies gebaseer sal kan word.

## **SECTION 9C IN THE INCOME TAX ACT WITH SPECIAL REFERENCE TO ACTIVE AND PASSIVE INCOME.**

In the Fifth Interim Report of the Katz Commission recommendations were made on a number of fundamental tax issues, including the distinction between the source and residence principle.

The Commission decided that the source principle should remain but that a distinction between “active” and “passive” income should be made. “Active” income should then be taxed on the source principle and “passive” income on the residence principle.

With effect from 1 July 1997 exchange controls for South African residents were softened, which meant that South Africans could thereafter invest in foreign countries to a limited extent. To protect the South African tax base, sections 9C and 9D were incorporated in the Income Tax Act with effect from 1 July 1997. Section 9C regulates the taxation of investment income earned in foreign countries.

The main purpose of this study was to investigate the taxation of foreign investment income in South Africa. For this purpose a critical analysis of section 9C was done within the context of the recommendations made by the Katz Commission in their Fifth Report. The focus of the study was aimed at the requirements for the exclusion of so-called active investment income according to section 9C(3)(a).

In the analysis of section 9C it was necessary to determine where the terms used in the section were derived from. The terms which are not new in the South African tax context were analysed based on the opinions of tax specialists and national case law. The terms which are new in the South African tax context were mostly derived from international models of tax conventions and foreign tax codes. These were analysed according to the use thereof mainly in the *Model Tax Convention on Income and on capital of the Organisation for Economic Co-operation and Development* and the *Commentaries* thereon.

The critical analysis of section 9C also included the applicability of the section on other sections in the Income Tax Act, a brief commentary on section 9D and the relief provided to taxpayers where the section leads to double taxation. The ability of the South African Revenue Service to collect the tax, the effect of the tax on immigrants and the effect of the electronic future on the tax were also investigated.

The conclusion arrived at in this study is that most of the terms in section 9C are based on internationally used terms and could be analysed according to international tax conventions and case law. The South African Revenue Service will have to provide guidelines for the uncertainties and provide measures to rectify the irregularities and inconsistencies found in the section. In the light of further examinations to be done by the South African Revenue Service, based on the recommendations of the Katz Commission in their Fifth Report, section 9C provides a set of internationally accepted principles as a solid base for future regulation.

## BEDANKINGS

Ek wil graag my opregte dank betuig teenoor:

- my studieleier, prof JA Matthee, vir sy leiding in hierdie studie.
- Wally Horak van die belastingadviesafdeling van Arthur Andersen vir sy bydraes, kommentaar en leiding in hierdie studie.
- Adrie, Corné en Adrian vir hulle geduld en insiklikheid gedurende my studies die afgelope drie jaar.

## INHOUDSOPGAWE

<b>HOOFSTUK 1 : INLEIDING</b>	<b>1</b>
1 AGTERGROND EN PROBLEEMSTELLING	2
2 DIE ONDERWERP EN MOTIVERING VIR DIE STUDIE	3
3 NAVORSINGSONTWERP EN RAAMWERK VAN DIE STUDIE	4
3.1 Die belasting van beleggingsinkomste uit buitelandse bronne - artikel 9C(1) en (2)	5
3.2 Uitsluitings ten opsigte van geagte bron van beleggingsinkomste uit buitelandse bronne – artikel 9C(3)	5
3.3 Toepaslikheid van artikel 9C op ander artikels in die Wet	5
3.4 Die beleggingsinkomste van beheerde buitelandse entiteite en beleggingsinkomste wat ontstaan uit skenkings, oormakings of ander beskikkings – artikel 9D	6
3.5 Verligting ten opsigte van dubbele belasting	6
3.6 Invordering van die belasting	6
3.7 Regverdigheid van die belasting en die effek op immigrasie	7
3.8 Die effek van die elektroniese toekoms op die belasting	7
3.9 Samevatting en gevolgtrekking	7
 <b>HOOFSTUK 2 : DIE BELASTING VAN BELEGGINGSINKOMSTE UIT BUITELANDSE BRONNE – ARTIKEL 9C(1) en (2)</b>	 <b>8</b>
1 INLEIDING	9
2 DIE OECD MODEL	10
3 ARTIKEL 9C(1): WOORDOMSKRYWINGS	12
3.1 Beleggingsinkomste	12
3.2 Inwoner	12
3.2.1 “Gewoonlik woonagtig”	13
3.2.2 “Plek van effektiewe bestuur”	14
3.3 Permanente saak	17
4 ARTIKEL 9C(2): TOEPASSINGS	18
4.1 Inwoner	18
4.2 Nie-inwoner	19
4.3 Uitsondering op toevalling	20



<b>HOOFSTUK 3 : UITSLUITINGS TEN OPSIGTE VAN GEAGTE BRON VAN BELEGGINGSINKOMSTE UIT BUITELANDSE BRONNE – ARTIKEL 9C(3)</b>	<b>22</b>
1 INLEIDING	23
2 AKTIEWE BELEGGINGSINKOMSTE – ARTIKEL 9C(3)(a)	23
2.1 “Ontstaan uit ”	26
2.2 “Effektief verbonde aan ”	27
2.2.1 “Toeskryfbaar aan”	27
2.2.2 Ander internasionale toepassings	29
2.2.3 Toedeling van inkomste	29
2.3 “Substantiewe besigheidsonderneming”	31
2.4 “Besigheidsaktiwiteite bedryf”	34
2.5 “Deur bedoelde inwoner”	38
2.6 “Deur ‘n permanente saak”	39
2.6.1 Graad van permanensie	41
2.6.2 Vaste besigheidsplek	42
2.6.3 Agente	43
2.6.4 Filiale	46
2.6.5 Venootskappe	46
2.7 “Gepas toegerus vir die bedryf “	47
3 IMMIGRANTE – ARTIKEL 9C(3)(b)	49
4 “AKTIWITEITETOETS” VOORHEEN TOEGEPAS	49
4.1 Huurinkomste	50
4.2 Tantième	50
4.3 Rente	51
4.4 Gevolgtrekking	51
<b>HOOFSTUK 4 : TOEPASLIKHEID VAN ARTIKEL 9C OP ANDER ARTIKELS IN DIE WET</b>	<b>52</b>
1 INLEIDING	53
2 ARTIKEL 9C(4)	53
3 BRON VAN RENTE-INKOMSTE	55
4 RENTE ONTVANG DEUR NIE-INWONERS	56

<b>HOOFSTUK 5 : DIE BELEGGINGSINKOMSTE VAN BEHEERDE BUITELANDSE ENTITEITE EN BELEGGINGSINKOMSTE WAT ONTSTAAN UIT SKENKINGS, OORMAKINGS OF ANDER BESKIKKINGS – ARTIKEL 9D</b>	<b>57</b>
<b>HOOFSTUK 6 : VERLIGTING TEN OPSIGTE VAN DUBBELE BELASTING</b>	<b>59</b>
1 INLEIDING	60
2 DUBBELBELASTINGOOREENKOMSTE	60
3 KORTING TEN OPSIGTE VAN BUITELANDSE BELASTING	61
<b>HOOFSTUK 7: INVORDERING VAN DIE BELASTING</b>	<b>62</b>
<b>HOOFSTUK 8 : REGVERDIGHEID VAN DIE BELASTING EN DIE EFFEK OP IMMIGRASIE</b>	<b>65</b>
<b>HOOFSTUK 9 : DIE EFFEK VAN DIE ELEKTRONIESE TOEKOMS OP DIE BELASTING VAN BELEGGINGSINKOMSTE UIT BUITELANDSE BRONNE</b>	<b>67</b>
1 INLEIDING	68
2 PERMANENTE SAAK	69
<b>HOOFSTUK 10 : SAMEVATTING EN GEVOLGTREKING</b>	<b>71</b>
<b>BRONNELYS</b>	<b>75</b>

## HOOFSTUK 1

### INLEIDING

1	AGTERGROND EN PROBLEEMSTELLING	2
2	DIE ONDERWERP EN MOTIVERING VIR DIE STUDIE	3
3	NAVORSINGSONTWERP EN RAAMWERK VAN DIE STUDIE	4
3.1	Die belasting van beleggingsinkomste uit buitelandse bronne – artikel 9C(1) en (2)	5
3.2	Uitsluitings ten opsigte van geagte bron van beleggingsinkomste uit buitelandse bronne – artikel 9C(3)	5
3.3	Toepaslikheid van artikel 9C op ander artikels in die Wet	5
3.4	Die beleggingsinkomste van beheerde buitelandse entiteite en beleggingsinkomste wat ontstaan uit skenkings, oormakings of ander beskikkings – artikel 9D	6
3.5	Verligting ten opsigte van dubbele belasting	6
3.6	Invordering van die belasting	6
3.7	Regverdigheid van die belasting en die effek op immigrasie	7
3.8	Die effek van die elektroniese toekoms op die belasting	7
3.9	Samevatting en gevolgtrekking	7

## HOOFSTUK 1

### INLEIDING

#### 1 AGTERGROND EN PROBLEEMSTELLING

Suid-Afrika het die afgelope paar jaar 'n drastiese hertoetrede tot die internasionale sakewêreld gemaak. Gepaardgaande daarmee het die belastingvereistes van 'n internasionale omgewing, waar fondse beweeg en handelsaktiwiteite onderneem kan word in 'n elektroniese era sonder enige teenwoordigheid in 'n spesifieke land, ontstaan.

Die Katz-kommissie het in die Vyfde Interim Verslag van die Kommissie van Ondersoek na die Republiek van Suid-Afrika se belastingstruktuur (Katz, 1997) (hierna die Vyfde Verslag genoem) oorweeg of belasting in Suid-Afrika op die bron-grondslag of die inwoner/wêreldwye-grondslag gehef moet word. Die huidige stelsel is gegrond op die bron-grondslag.

Geen land ter wêreld gebruik 'n suiwer bron- of woonagtige-basis nie. Dit maak vandag ook nie eintlik saak of 'n land 'n bron- of verblyfbelastingstelsel gebruik nie, want alle lande se stelsels is maar 'n mengsel van die twee.

Die algemene internasionale neiging is dat inkomste in die vreemde verdien, tussen sogenaamde "aktiewe" en "passiewe" inkomste verdeel word. Aktiewe inkomste is byvoorbeeld inkomste verkry uit die koop en verkoop van goedere, vervaardiging, konstruksiewerk, mynbou en konsultasiegelde. Rente op deposito's, huurinkomste, tantièmes en annuïteite, is voorbeelde van passiewe inkomste. Die benadering is dat aktiewe inkomste wat in die vreemde verdien word, nie in die betrokke land belas word nie, maar passiewe inkomste wel.

Sedert die demokratiese verkiesing in 1994 en veral na die verslapping van valutabeheermaatreëls vanaf 1 Julie 1997, het dit nodig geword om die internasionale dimensies van die Suid-Afrikaanse belastingstelsel te ondersoek. In terme van die huidige stelsel word slegs sekere vorme van buitelandse beleggingsinkomste in Suid-Afrika belasbaar geag te wees. Die Vyfde Verslag het gevolglik voorgestel dat Suid-Afrika die internasionale neiging tot 'n hibriede sisteem moet navolg. In terme van so 'n sisteem word aktiewe inkomste op 'n bron-basis belas, terwyl passiewe inkomste op 'n wêreldwye-grondslag belas word.

Die Vyfde Verslag is in die proses van debattering. Ten einde die Suid-Afrikaanse belastingbasis in die tussentyd te beskerm, is sekere gedeeltes van die aanbevelings gedurende 1997 in die Inkomstebelastingwet No. 58 van 1962, soos gewysig (Danziger & Cronje, 1997: 3-598) (hierna die Wet genoem) ingevoeg. Die twee nuwe artikels bevat nuwe konsepte in ons nasionale belastingwetgewing, maar is oor die algemeen gebaseer op internasionale konsepte, wat veral tipies in dubbelbelastingooreenkomste voorkom.

Artikels 9C en 9D is gedurende 1997 by die Wet gevoeg. Artikel 9C handel oor die belasting van beleggingsinkomste uit buitelandse bronne. Dit het tot gevolg dat passiewe inkomste in sekere gevalle in Suid-Afrika op die inwoner of wêreldwye grondslag belas word. Artikel 9D is 'n anti-vermydingsbepaling wat die belasting van beleggingsinkomste van buitelandse beheerde entiteite en beleggingsinkomste wat ontstaan uit skenkings, oormakings of ander beskikkings, reguleer.

## **2 DIE ONDERWERP EN MOTIVERING VIR DIE STUDIE**

In die Verklarende Memorandum tot die Inkomstebelastingwysigingswet No. 28 van 1997 (1997: 3), is gesê dat in die afwagting van 'n finale besluit ten opsigte van die belasting van wêreldwye inkomste wat toeval aan inwoners, die huidige wetgewing geïmplementeer is om die Suid-Afrikaanse

belastingbasis te beskerm na die verslapping van buitelandse valutabeheermaatreëls.

Die nuwe wetgewing bevat heelwat nuwe konsepte in ons nasionale belastingwetgewing waarvan sommige, in ooreenstemming met die voorstelle in die Vyfde Verslag, op internasionale modelle van belastingkonvensies en buitelandse belastingkodes gebaseer is. Hoewel die veranderings as tussentydse maatreëls voorgestel is, is daar sekere konsepte in die nuwe wetgewing wat permanent sal word.

Heelwat vrae het reeds rondom die bewoording, regverdigheid, invorderbaarheid en toepassing van artikels 9C en 9D in die Wet ontstaan. Die doel van hierdie studie is om die insluiting van hoofsaaklik artikel 9C in die Wet, met die fokus op die uitsluiting ten opsigte van aktiewe beleggingsinkomste in artikel 9C(3), te ontleed en krities te ondersoek .

Ingevolge artikel 9C word beleggingsinkomste ontvang deur of toegeval aan enige inwoner en in spesifieke gevalle nie-inwoners, van enige land behalwe die Republiek, geag ontvang te gewees het of toe te geval het aan die bedoelde persoon van 'n bron binne die Republiek. Artikel 9C bepaal dus slegs die bron van die inkomste en enige spesifieke bepalings, byvoorbeeld artikel 7 wat daarop gemik is om inkomste wat uit 'n skenking voortspruit in die hande van die skenker te belas en artikel 25B wat daarop gemik is om die belasting van inkomste wat deur 'n trust ontvang word, op te klaar, moet dan oorweeg word om te bepaal in wie se hande die inkomste belasbaar is. Dit val egter buite die bestek van hierdie studie om laasgenoemde bepalings te ondersoek.

### **3 NAVORSINGSONTWERP EN RAAMWERK VAN DIE STUDIE**

Die navorsing behels hoofsaaklik 'n literatuurstudie. Vir hierdie doeleindes word van relevante wetgewing, regspraak en menings van erkende belasting- en regskundiges gebruik gemaak. Die raamwerk hieronder uiteengesit gee 'n

gestruktureerde indeling, volgens hoofstukke, van die onderwerp van die studie soos in paragraaf 2 uiteengesit.

### **3.1 Die belasting van beleggingsinkomste uit buitelandse bronne - artikel 9C(1) en (2)**

In Hoofstuk 2 word artikel 9C(1) (omskrywings van die terme beleggingsinkomste, inwoner en permanente saak) en artikel 9C(2) (geagte bron van beleggingsinkomste) ontleed. Die klem van die ontleding van die woordomskrywings val op die terme “gewoonlik woonagtig” en “plek van effektiewe” bestuur, wat nie spesifiek in die Wet gedefinieer word nie en die permanente saak, wat ’n nuwe term in die Wet is. Die implikasie van artikel 9C(2) vir inwoners en nie-inwoners, sowel as die uitsondering op die toevalling van beleggingsinkomste, word bespreek.

### **3.2 Uitsluitings ten opsigte van geagte bron van beleggingsinkomste uit buitelandse bronne – artikel 9C(3)**

Hoofstuk 3 vorm die kern van die ondersoek. Die aktiwiteitetoets d.w.s. die vereistes waaraan die beleggingsinkomste moet voldoen om aktief van aard te wees en dus buite die omvang van artikel 9C te val, word hier bespreek. Die toets is gebaseer op die internasionale beginsel van die bedryf van ’n besigheid deur ’n permanente saak. Meeste van die terme in artikel 9C(3) word vir die eerste keer in die Wet gebruik. Die bewoording van artikel 9C(3) word stuksgewys ontleed met spesifieke verwysing na internasionale dubbelbelastingkonvensies. Die toepaslikheid van die aktiwiteitetoetse, voorheen gebruik om die bron van inkomste te bepaal, na die invoeging van artikel 9C in die Wet word ook bespreek.

### **3.3 Toepaslikheid van Artikel 9C op ander artikels in die Wet**

Die toevoeging van artikel 9C tot die Wet het ook ’n effek gehad op die toepassing van sommige ander artikels in die Wet. In Hoofstuk 4 word die toepaslikheid van die algemene aftrekkingsformule, die verrekening van

vasgestelde verliese en die vasstelling van belasbare inkomste uit die versekeringsbesigheid op artikel 9C, ondersoek. Die toepaslikheid van artikels 9(6) en 9(7) wat die bron van rente-inkomste bepaal en artikel 10(1)(hA) wat rente ontvang deur nie-inwoners vrystel van belasting, word in die lig van die bepalings van artikel 9C bespreek.

### **3.4 Die beleggingsinkomste van beheerde buitelandse entiteite en beleggingsinkomste wat ontstaan uit skenkings, oormakings of ander beskikkings – artikel 9D**

In Hoofstuk 5 word die teenvermydingsmaatreël met betrekking tot beleggingsinkomste kortliks bespreek. Artikel 9D is op dieselfde tydstip as artikel 9C in die Wet geïnkorporeer. Beide artikels het betrekking op die belasting van beleggingsinkomste uit buitelandse bronne. Dit is dus noodsaaklik in 'n ondersoek na artikel 9C om ook na artikel 9D te verwys.

### **3.5 Verligting ten opsigte van dubbele belasting**

Die belasting van beleggingsinkomste uit buitelandse bronne kan aanleiding gee tot die dubbele belasting van die inkomste in Suid-Afrika sowel as die land waar die inkomste verdien word. In Hoofstuk 6 word die beskikbare verligting aan belastingpligtiges in die vorm van dubbelbelastingooreenkomste en die korting in artikel 6*quat* in die Wet bespreek.

### **3.6 Invordering van die belasting**

In Hoofstuk 7 word die moontlike probleme met die invordering van die belasting ondersoek. Artikel 9C is van toepassing op beleggingsinkomste in die buiteland verdien. Die normale opsporingsmaatreëls wat op beleggingsinkomste in Suid-Afrika verdien van toepassing is, is dus nie beskikbaar nie. Die alternatiewe maatstawwe wat die belastingowerhede kan gebruik om die invordering van die belasting te verseker, word hier ondersoek.



### **3.7 Regverdigheid van die belasting en die effek op immigrasie**

Artikel 9C is ook van toepassing op persone wat na Suid-Afrika immigrer. Die huidige beskikbare verligting vir immigrante is slegs tot 29 Februarie 2000 beskikbaar. In Hoofstuk 8 word die effek van 'n belasting op immigrante se beleggingsinkomste wat verdien word op beleggings wat versamel is in die jare voor immigrasie na Suid-Afrika, bespreek.

### **3.8 Die effek van die elektroniese toekoms op die belasting**

Die Internet en die wêreldwye netwerk is vinnig besig om die normale roete vir transaksies te word. Die netwerke is veral toeganklik vir die maak van beleggings waarop inkomste, soos omskryf in artikel 9C, verdien word. In Hoofstuk 9 word die impak van die elektroniese era op die belasting van beleggingsinkomste uit buitelandse bronne bespreek. Die klem word geplaas op die toepaslikheid van die permanente saak in 'n tydperk waar transaksies in die "Cyberspace" geskied.

### **3.9 Samevatting en gevolgtrekking**

Hoofstuk 10 gee 'n samevatting van die studie asook die gevolgtrekkings waartoe die skrywer gekom het ten opsigte van die probleemstelling.

## HOOFSTUK 2

### DIE BELASTING VAN BELEGGINGSINKOMSTE UIT BUITELANDSE BRONNE – ARTIKEL 9C(1) EN (2)

1	INLEIDING	9
2	DIE OECD MODEL	10
3	ARTIKEL 9C(1): WOORDOMSKRYWINGS	12
3.1	Beleggingsinkomste	12
3.2	Inwoner	12
3.2.1	“Gewoonlik woonagtig”	13
3.2.2	“Plek van effektiewe bestuur”	14
3.3	Permanente saak	17
4	ARTIKEL 9C(2): TOEPASSINGS	18
4.1	Inwoner	18
4.2	Nie-inwoner	19
4.3	Uitsondering op toevalling	20

## HOOFSTUK 2

### DIE BELASTING VAN INKOMSTE UIT BUITELANDSE BRONNE – ARTIKEL 9C(1)&(2)

#### 1 INLEIDING

Artikels 9C en 9D is deur artikel 9(1) van die Inkomstebelastingwet No. 28 van 1997 gedurende 1997 by die Wet gevoeg. Die hoofdoel daarvan is om sekere inkomste uit buitelandse bronne binne Suid-Afrika te belas.

In teenstelling met die internasionale tendens om inkomste op die woonagtige-basis te belas, word inkomste in Suid-Afrika op die bron-basis belas.

Die woonagtige-basis bepaal dat alle inkomste, behalwe aktiewe inkomste in die vreemde verdien, ontvang deur inwoners van die spesifieke land binne die belastingnet van daardie land val. Passiewe beleggingsinkomste word dus altyd, ongeag die bron daarvan, belas in die land waar die persoon woonagtig is.

Die bron-basis behels dat alle inkomste, ongeag die passiewe of aktiewe aard daarvan, uit 'n bron binne die spesifieke land, binne daardie land se belastingnet val. Dit blyk dus dat 'n land wat die bron-beginsel as basis vir sy belastingstelsel gebruik sonder spesifieke insluitings, die belasting op beleggingsinkomste verdien deur sy inwoners in die buiteland sal verloor (Lai King, 1997: 24).

Met die verslapping van valutabeheermaatreëls sedert 1 Julie 1997, het dit vir die belastingowerhede nodig geword om die internasionale dimensies van die Suid-Afrikaanse belastingstelsel te ondersoek. Die Katz-kommissie het in die Vyfde Verslag (Katz, 1997: 11) voorgestel dat aktiewe inkomste in die Wet



gedefinieer moet word en dat alle inkomste wat nie aan die definisie van aktiewe inkomste voldoen nie as passiewe inkomste beskou moet word.

In die lig van die verreikende implikasies van so 'n wysiging aan die Wet, is die tekortkoming in die Wet deur geen spesifieke insluiting van beleggingsinkomste uit buitelandse bronne nie, gewysig deur die insluiting van artikels 9C en 9D in die Wet. Die wysiging is in lyn met die voorstel van die Vyfde Verslag dat passiewe inkomste op 'n wêreldwye-grondslag belas moet word. Daar behoort geen negatiewe implikasie te wees nie, aangesien die beginsel reeds wêreldwyd toegepas word. Hoewel die verandering as tussentydse maatreëls voorgestel is, word daar gehoop dat die bepaling permanent sal word (Lermer, 1997: 25).

Artikel 9C in die Wet definieer beleggingsinkomste (of sogenaamde passiewe inkomste) en ag die beleggingsinkomste van buitelandse bronne van 'n bron in die Republiek ontvang te wees. Die insluiting van artikel 9C in die Wet het geen effek op die onderliggende en relevante beginsels wat toegepas word in die bepaling van die bron van aktiewe inkomste nie.

Die Wetgewer het in sekere opsigte, met inagneming van die voorstelle in die Vyfde Verslag, internasionaal-aanvaarde terme en begrippe wat hoofsaaklik in dubbelbelastingooreenkomste gebruik word, in die bewoording in artikel 9C gebruik. Dit het tot die gevolg gehad dat verskeie nuwe konsepte in die nasionale inkomstebelastingwetgewing ingevoeg is waaraan die Suid-Afrikaanse belastingpligtiges, sowel as die Suid-Afrikaanse Inkomstediens (SAID), gewoon sal moet raak.

## **2 DIE OECD MODEL**

Die belastingkonsepte wat in dubbelbelastingooreenkomste gebruik word is die afgelope paar dekades deur die internasionale fiskale gemeenskap ontwikkel. Die *Model Tax Convention on Income and on Capital of the Organisation for Economic Co-operation and Development* (OECD, 1997)

(hierna die OECD Model) genoem, het die patroon verskaf vir meeste dubbelbelastingooreenkomste wat in die na-oorlog periode aangegaan is.

Geen twee lande het nog ooit 'n dubbelbelastingooreenkoms identies aan die OECD Model aangegaan nie. Dit is egter nie moontlik nie, aangesien die OECD Model gapings laat vir invulling deur die lande. Die OECD Model is 'n internasionale regsdocument en vorm deel van transnasionale wetgewing (Baker, 1991: inleiding: v). Dit is in 1963 gepubliseer en in 1977 hersien.

Die hoofdoel van die OECD Model is om die fiskale posisie van belastingpligtiges wat deur kommersiële, industriële, finansiële of ander aktiwiteite in ander lande betrokke is uit te klaar, te standaardiseer en te bevestig deur die toepassing, deur alle lande, van gemeenskaplike oplossings vir identiese gevalle van dubbelbelasting. Die OECD Model verskaf 'n manier om die mees algemene probleme wat in die veld van internasionale juridiese dubbelbelasting ontstaan, op 'n uniforme basis op te los (OECD, 1997: I-2).

Gepaardgaande met die OECD Model is 'n aantal internasionale kommentare geproduseer. Die mees relevante in die internasionale belastingarena is die *Commentary by the OECD Committee for Fiscal Affairs on the OECD Model Double Taxation Convention on Income and Capital* (OECD, 1997) (hierna die OECD Kommentaar genoem). Die hersiening van die OECD Model en OECD Kommentaar het 'n voortdurende proses geword en in 1991 is die konsep van 'n veranderende model met voorsiening vir periodieke en tydige opdatings en wysigings sonder 'n algehele hersiening aanvaar.

In *SIR v Downing* (1975) het die appèlhof die OECD Kommentaar as 'n belangrike riglyn vir die interpretasie van konsepte in Suid-Afrikaanse dubbelbelastingooreenkomste, erken. Die basiese beginsel voor die hof was of die belastingpligtige 'n besigheid bedryf het deur 'n permanente saak in Suid-Afrika vir doeleindes van artikel 7(1) van die dubbelbelastingooreenkoms met Switserland. Die hof het erken dat die terme van die ooreenkoms op die OECD Model gebaseer is. Die hof het egter nie aangedui tot watter mate die OECD Kommentaar as bindend op

Suid-Afrikaanse howe beskou word nie. Die laer hof het egter sy argument gebaseer op 'n paragraaf uit die OECD Kommentaar wat 'n indikatie is dat die howe die OECD Kommentaar in ag sal neem by die interpretasie van dubbelbelastingooreenkomste.

Heelwat van die nuwe terminologie wat in artikels 9C en 9D gebruik word, is algemene terme wat in dubbelbelastingooreenkomste en die OECD Model voorkom. Die ontleding en kritiese ondersoek wat in hierdie werk gedoen sal word, sal dus grootliks aan die hand van interpretasies van soortgelyke terme in die OECD Model gedoen word.

### **3 ARTIKEL 9C(1): WOORDOMSKRYWINGS**

#### **3.1 Beleggingsinkomste**

Beleggingsinkomste word in artikel 9C(1) omskryf en sluit die volgende in: 'n jaargeld, rente, huurinkomste en tantième en soortgelyke inkomste.

Beleggingsinkomste verwys dus na 'n passiewe tipe inkomste. Dividende is ook 'n tipe passiewe inkomste, maar dividende van enige plek in die wêreld ontvang deur persone wat gewoonlik in die Republiek van Suid-Afrika woonagtig is, word reeds deur subparagraaf (k) van die definisie van bruto inkomste in artikel 1 in die Wet by bruto inkomste ingesluit.

#### **3.2 Inwoner**

'n Inwoner word in artikel 9C(1) in die Wet omskryf as enige natuurlike persoon wat gewoonlik in die Republiek woonagtig is en enige persoon (behalwe 'n natuurlike persoon) wat se plek van effektiewe bestuur in die Republiek is.

### 3.2.1 “Gewoonlik woonagtig”

Die begrip “gewoonlik woonagtig” word op verskeie plekke in die Suid-Afrikaanse belastingreg gebruik, maar nêrens in enige wet omskryf nie. Vir leiding moet daar dus na hofuitsprake gekyk word.

Sub-paragraaf (k) van die definisie van bruto inkomste in artikel 1 van die Wet sluit dividende ontvang deur of toegeval aan 'n persoon wat gewoonlik in die Republiek woonagtig is, van enige plek in die wêreld by bruto inkomste in. Dividende is egter vanaf 1 Maart 1990 ingevolge artikel 10(1)(k) in die Wet vrygestel van belasting. Gepaardgaande hiermee het die toepassing van die begrip “gewoonlik woonagtig” minder nodig geraak.

Die ander spesifieke omstandighede waar die begrip “gewoonlik woonagtig” 'n bepalende faktor is, is ten opsigte van 'n persoon se aanspreeklikheid vir donasie- en boedelbelasting, die toepassing van die nie-inwoners-rentevrystelling (artikel 10(1)(hA)) en die bepalings in artikel 9(1)(d)(bis) in die Wet wat sekere bedrae ag uit bronne in die Republiek toe te geval het.

Artikel 9C in die Wet sluit egter nou 'n baie wye spektrum van beleggingsinkomste in en veral wat immigrante en buitelandse beleggers in Suid-Afrika betref, sal die vrae rondom die begrip “gewoonlik woonagtig” weer sterk na vore kom.

Die Katz-kommissie het in die Vyfde Verslag gestel dat die konsep “gewoonlik woonagtig”, wat huidiglik in ons wetgewing gebruik word, goed verstaan word en behou moet word. Waar dit nie moontlik is om een enkele plek van woonagtigheid in terme van die huidige reëls te bepaal nie, moet die status van woonagtigheid in ooreenstemming met die arbitrêre voorsienings in artikel 4 van die OECD Model (OECD, 1997 :21) bepaal word.

Die Suid-Afrikaanse howe het tot dusver die volgende riglyne neergelê. In *Levene v IRC* (1928) is beslis dat daar 'n mate van kontinuïteit met tydperke van toevallige of tydelike afwesigheid moet wees om “gewoonlik woonagtig” te

wees. Die riglyn vir tydperke van tydelike afwesigheid wat ten opsigte van sommige artikels in die Wet deur die SAID toegepas word, is 183 dae. In *H v Cot* (1960) is voorgestel dat 'n belastingpligtige gewoonlik woonagtig is waar sy permanente verblyfplek is, dus waar sy persoonlike eiendom gestoor word en wat hy verlaat het vir tydperke van tydelike afwesigheid en waarna hy gereeld terugkeer. In *CIR v Kuttel* (1992) is bevind dat 'n natuurlike persoon gewoonlik woonagtig is waar hy gewoonlik of hoofsaaklik woon, dit wil sê wat beskryf kan word as sy ware woonplek.

Daar is 'n skool van belastingkenners wat glo dat die regering ook na die tydfaktor moet kyk om die stelsel beter te laat werk. Jou status word dus eerder deur die tydperk wat jy op 'n bepaalde plek gewoon het, as waar jy gewoonlik woonagtig is, bepaal. Amerika is die belangrikste voorstander van hierdie tydstelsel en die regering sal waarskynlik wil vasstel of dit kan werk al dan nie (De Lange, 1997: 42).

Daar bestaan dus die behoefte vir die SAID om riglyne ten opsigte van die kwantifisering van die begrip “gewoonlik woonagtig” te verskaf, veral ten opsigte van bepalende faktore soos bedoeling en tydperke van woonagtigheid binne en buite die Republiek (De Koker & Silke, 1997: 5-59).

### **3.2.2 “Plek van effektiewe bestuur”**

Die term “plek van effektiewe bestuur” is 'n nuwe term in die Wet. Die term “bestuur en beheer” word gebruik in die omskrywing van 'n binnelandse maatskappy in die Wet.

Die term is heelwat duideliker as die term “bestuur en beheer” en is internasionaal gevestig (Cronje, 1997: 22). In die meeste gevalle sal die twee plekke waarskynlik dieselfde wees, maar die Inkomstediens in die Verenigde Koninkryk aanvaar dat effektiewe bestuur in sommige gevalle op 'n ander plek as die plek van sentrale bestuur en beheer mag wees. Dit mag byvoorbeeld gebeur waar die maatskappy bestuur word deur uitvoerende bestuur in die buiteland, maar die finale direkteursmag by nie-uitvoerende direkteure in die



Verenigde Koninkryk berus. In sulke gevalle mag die plek van effektiewe bestuur in die buiteland wees, terwyl die maatskappy in die Verenigde Koninkryk bestuur en beheer word (Mazansky, 1994: 78).

Belastingkenners in Suid-Afrika is tans besig met 'n wêreldwye soektog na regspraak of kommentaar ten einde die term “plek van effektiewe bestuur” te definieer. Die definisie tot dusver deur sommige belastingkenners gekonstrueer is soos volg: in die geval van 'n maatskappy is dit normaalweg die plek waar die direkteure vergader om die besigheid van die maatskappy te bespreek wat kan verskil van die plek waar die maatskappy sy besigheid deur personeel of die individuele direkteure bedryf of bestuur. Waar die maatskappy uitvoerende direkteure het mag dit uit die feite blyk dat die maatskappy effektiewelik bestuur word waar die direkteure, in teenstelling met die raad van direkteure as geheel, die maatskappy se sake onderneem.

In die geval van 'n trust sal die plek van effektiewe bestuur normaalweg die plek wees waar die trustees vergader om die trust se sake te bespreek of, waar die trustees die bestuur van die trust aan 'n spesifieke trustee oorlaat, die plek waar hy die sake van die trust namens die trustees bestuur (Taxpayer, 1997: 106).

Die gebruik van die term “effektiewe bestuur” eerder as “bestuur en beheer”, soos gebruik in die definiëring van 'n binnelandse maatskappy, dui daarop dat daar nie bloot net na die plek waar die raad van direkteure vergader verwys word nie. Die plek waar die maatskappy op 'n dag tot dag basis bestuur word deur sy uitvoerende direkteure en bestuur (De Koker & Silke, 1997: 5-59) en waar die besigheidsbesluite op 'n gereelde basis geneem word (Cronje, 1997: 22), word in sommige gevalle beskou as die plek waar die maatskappy effektiewelik bestuur word.

Die term “plek van effektiewe bestuur” is 'n term wat algemeen in dubbelbelastingooreenkomste en in die OECD Model gebruik word. Die OECD Model aanvaar die plek van effektiewe bestuur as basis om die konflik met betrekking tot tweeledige woonagtigheid op te los. Meeste inkomste word

deur bestuursvernuf geproduseer en dit is dus toepaslik dat die belastingpligtigheid van 'n maatskappy bepaal word deur die wese van die maatskappy se besigheidsaktiwiteite eerder as die arbitrêre keuse van die plek van inkorporasie.

Volgens Passos (1986: 104) verwys bestuur na die hoogste beherende bestuur van die besigheid van die korporatiewe eenheid, wat normaalweg deur die raad van direkteure uitgevoer word. Die uitoefening van algehele beheer en die maak van beleidsbesluite met betrekking tot die besigheid, moet oorweeg word. Ware bestuur se wese en nie slegs die vorm daarvan nie, is waarna verwys word. Indien dit nie die raad van direkteure is wat bogenoemde uitoefen nie, moet verder gesoek word na die korporatiewe liggaam of kantoor wat die aktiwiteite uitoefen.

Nieu-Seeland se interpretasie van die term "effektiewe bestuur" is ook praktiese dag tot dag bestuur, ongeag waar die oorheersende beheer uitgeoefen word. Sommige kenners glo dat dit 'n ongewone interpretasie in die internasionale konteks is en nie algemeen aanvaar word nie. Die topbestuur sal normaalweg inmeng met die normale bedryf van die besigheid, maar nie noodwendig betrokke wees by die dag tot dag sake nie (Van Blerck & Horak, 1997: 5&6).

Die term "effektiewe bestuur" is ook deur sommige buitelandse howe interpreteer as die plek waar die bestuur se belangrike beleidsbeslissings gemaak word. Die plek waar direkteure vergader mag relevant, maar nie voldoende wees nie en die plek waar die topbestuurder (nie noodwendig 'n direkteur nie) se kantoor is, is ook belangrik (Vogel, 1991: 156).

Dit is dus duidelik dat die bepaling van die "plek van effektiewe bestuur" hoofsaaklik behels dat die wese van die maatskappy se bestuur bepaal moet word. Waar algehele beheer geskied, waar die belangrike beleidsbeslissings gemaak word en waar die maatskappy se besigheid op die hoogste vlak bespreek en oor besluit word, is die bepalende faktore wat oorweeg moet word.

### 3.3 Permanente saak

Die Vyfde Verslag het voorgestel dat die internasionale tendens, beide in verskeie nasionale regstelsels en in internasionale dubbelbelastingwetgewing, van belastingaanspreeklikheid, voortspruitend uit die identifikasie van 'n permanente saak, formeel in die Suid-Afrikaanse belastingwetgewing geïnkorporeer moet word. Die belasting van aktiewe inkomste oor nasionale grense sal dus op die beginsel van besigheidsaktiwiteit deur 'n minimum teenwoordigheid (deur 'n permanente saak) binne die belastingjurisdiksie gebaseer word (Katz, 1997: 15).

'n Permanente saak word in artikel 9C(1) in die Wet omskryf as 'n permanente saak soos in artikel 5 van die OECD Model omskryf.

Volgens die definisie van 'n permanente saak in artikel 5 van die Model, is dit 'n vaste besigheidsplek waarvandaan die besigheid van die onderneming geheel of gedeeltelik bedryf word. Dit sluit spesifiek 'n plek van bestuur, 'n tak, 'n kantoor, 'n fabriek, 'n werkswinkel, 'n myn, 'n steengroef of plek waar natuurlike hulpbronne ontgin word, 'n bouperseel of konstruksie- of monteringsprojek wat langer as 12 maande bestaan, in. Dit sluit nie fasiliteite wat uitsluitlik gebruik word vir die stoor, vertoon of lewering van goedere of handelsware in nie. Verder sluit dit ook nie die onderhoud van voorraad vir gebruik deur 'n ander onderneming in nie en ook nie 'n vaste besigheidsplek wat uitsluitlik vir die koop van goedere en handelsware, advertensie, verskaffing van inligting, wetenskaplike navorsing of soortgelyke aktiwiteite wat van 'n voorbereidende of ondersteuningsaard is gebruik word nie (Cronjé & Stack, 1997: 362).

Die konsep van 'n permanente saak is grootliks 'n wesendheid van dubbelbelastingooreenkomste alhoewel die konsep in die binnelandse wetgewing van sekere lande voorkom. 'n Indiese regter het dit soos volg gestel :

“The words ‘permanent establishment’ postulate the existence of a substantial element of an enduring or permanent nature of a foreign enterprise in another country which can be attributed to a fixed place of business in that country. It should be of such a nature that it would amount to a virtual projection of the foreign enterprise of one country into the soil of another country” (soos aangehaal deur Baker, 1991: 89).

Ingevolge meeste dubbelbelastingooreenkomste is ’n onderneming wat woonagtig is in een land (die woonagtige-land) aanspreeklik vir belasting in die ander land (die bron-land) ten opsigte van sy aktiwiteite in die bron-land, indien die onderneming se teenwoordigheid of aktiwiteite in die bron-land regverdig dat die onderneming ’n permanente saak in die bron-land het (Danziger, 1991: 339).

Die omskrywing van ’n permanente saak as ’n permanente saak soos omskryf in die OECD Model, behels dat ’n verdere ontleding van die term slegs aan die hand van die OECD Model en OECD Kommentaar gedoen kan word. Die feit dat die permanente saak, soos omskryf in die OECD Model, in artikel 9C gebruik word, sou by implikasie ook die ander artikels van die OECD Model wat verband hou met die permanente saak, toepaslik maak.

’n Uitgebreide ondersoek na die permanente saak word in paragraaf 2.6 van Hoofstuk 3 gedoen, waar dit as die hoofbeginsel van die uitsluitingsvoorsiening (artikel 9C(3)(a)) gebruik word.

## **4 ARTIKEL 9C(2) : TOEPASSINGS**

### **4.1 Inwoner**

Ingevolge artikel 9(2)(a) van die Wet word enige beleggingsinkomste (soos in artikel 9(1) omskryf – sien paragraaf 3.1 van hierdie hoofstuk) ontvang deur of toegeval aan enige inwoner, van enige land behalwe die Republiek, geag ontvang te wees of toegeval aan die bedoelde inwoner uit ’n bron binne die Republiek.

Hiermee word inwoners van Suid-Afrika nou in Suid-Afrika op beleggingsinkomste wêreldwyd verdien, belas.

#### **4.2 Nie-inwoner**

Ingevolge artikel 9(2)(b) van die Wet word enige beleggingsinkomste (soos in artikel 9(1) omskryf – sien deel 3.1 van hierdie hoofstuk) ontvang deur of toegeval aan enige persoon, behalwe 'n inwoner, wat ontstaan uit die aktiwiteite deur hom bedryf deur middel van 'n permanente saak wat in die Republiek geleë is, van enige land behalwe die Republiek, geag ontvang te wees of toegeval aan die bedoelde inwoner uit 'n bron binne die Republiek.

Hiermee word nie-inwoners van Suid-Afrika nou in Suid-Afrika op beleggingsinkomste wêreldwyd verdien belas, indien die inkomste ontstaan uit aktiwiteite deur hom deur middel van 'n permanente saak in die Republiek bedryf.

Daar is geen internasionale (publieke) regsreël wat lande verbied om hulle fiskale jurisdiksie uit te brei soos hulle verkies nie. Die enigste internasionale wetlike beperking is dat lande nie hulle jurisdiksie mag uitoefen binne die territoriale gebied van 'n ander land nie.

Die afleiding kan ook nie gemaak word dat 'n land sy fiskale maatstawwe na alle belastingonderwerpe binne en buite sy territoriale gebied kan uitbrei nie. Die beginsel van ekonomiese alliansie tussen die belastingpligtige en die belastingowerheid, word hedendaags aanvaar as die basiese regverdiging vir die jurisdiksie om 'n belastingonderwerp te belas. Ekonomiese alliansie kan deur persoonlike koppeling (woonagtigheid) of ekonomiese koppeling geskep word. Ekonomiese koppeling ontstaan uit die ekonomiese belang wat 'n belastingonderwerp in 'n land het, wat die bedryf van 'n besigheid deur 'n permanente saak in die land insluit (Horak, 1987: 7). Artikel 9(2)(b) van die Wet val dus binne die internasionale aanvaarde koppeling wat nodig is vir 'n land om 'n belastingonderwerp binne sy jurisdiksie te belas.

Buitelandse maatskappye word egter nou deur Suid-Afrika op inkomste deur daardie maatskappye buite die Republiek verdien, belas. Hierdie belasting inkorporeer dus 'n stelsel van belasting wat nie op een van die bron- of woonagtige-basis gebaseer is nie.

Die bedoeling met artikel 9C(3)(a) van die Wet (sien Hoofstuk 3) is om aktiewe beleggingsinkomste verdien uit buitelandse bronne vry te stel van die belasting gehef deur artikel 9C. Die vrystelling is egter net op inwoners van toepassing en daar is geen ooreenstemmende voorsiening vir nie-inwoners nie. Dit blyk dus dat daar in dié opsig teen nie-inwoners gediskrimineer word (De Koker & Silke, 1997: 5-63).

Die nie-inwoner sou moontlik die teen-diskriminasiereëls in artikel 24 van die OECD Model kon gebruik om die vrystelling ook op hom van toepassing te maak. Paragraaf 1 van artikel 24 van die OECD Model bepaal dat inwoners van 'n kontrakterende land nie aan 'n swaarder belasting of enige verwante vereiste in die ander kontrakterende land onderwerp sal word as waaraan inwoners van die ander kontrakterende land in dieselfde omstandighede, en spesifiek met betrekking tot woonagtigheid, onderwerp sal word nie. Paragraaf 3 van artikel 24 van die OECD Model bepaal dat die belasting gehef op 'n permanente saak wat 'n onderneming van een kontrakterende land in die ander kontrakterende land het, nie minder gunstig sal wees as die belasting gehef op ondernemings in die ander kontrakterende land wat dieselfde aktiwiteite beoefen nie.

#### **4.3 Uitsondering op toevalling**

Artikel 9C ag ook enige inkomste ontvang en toegeval aan persone uit buitelandse bronne om ontvang te wees uit 'n bron binne die Republiek. Die situasie kan dus ontstaan dat belasting op beleggingsinkomste, wat die belastingpligtige toegeval het, maar wat weens valuta- of ander beperkings nie onttrek kan word uit die land waar die belegging gemaak is nie, betaal moet word.

Om dié rede is die Wet gedurende 1998 gewysig deur 'n broodnodige betalingsreël in te voeg. Artikel 9C(2A) is van toepassing waar dit tot die bevrediging van die Kommissaris vasgestel word dat die beleggingsinkomste of gedeelte daarvan gedurende 'n jaar van aanslag nie na die Republiek oorgeplaas kan word nie as gevolg van valuta- of ander beperkings of voorbehoude opgelê ingevolge die wette van die land waar die beleggingsinkomste verdien is.

Die inkomste word geag ontvang te wees uit 'n bron in die Republiek gedurende die jaar van aanslag waarin daardie beleggingsinkomste na die Republiek oorgeplaas word. Belasting word dus, indien aan bogenoemde beperkings op oorplasing voldoen word, eers op beleggingsinkomste toegeval betaal wanneer die inkomste werklik ontvang word.

Die reël is egter baie swak in die Wet ingevoeg aangesien daar geen voorsiening gemaak word indien die persoon die land verlaat voordat die inkomste betaal word nie. Indien 'n persoon die land sou verlaat voordat die inkomste werklik ontvang is, mag die belasting moontlik nooit betaal word nie.

**HOOFSTUK 3****UITSLUITINGS TEN OPSIGTE VAN GEAGTE BRON VAN  
BELEGGINGSINKOMSTE UIT BUITELANDSE BRONNE – ARTIKEL 9C(3)**

1	INLEIDING	23
2	AKTIEWE BELEGGINGSINKOMSTE – ARTIKEL 9C(3)(a)	23
2.1	“Ontstaan uit ”	26
2.2	“Effektief verbonde aan ”	27
2.2.1	“Toeskryfbaar aan”	27
2.2.2	Ander internasionale toepassings	29
2.2.3	Toedeling van inkomste	29
2.3	“Substantiewe besigheidsonderneming”	31
2.4	“Besigheidsaktiwiteite bedryf”	34
2.5	“Deur bedoelde inwoner”	38
2.6	“Deur ’n permanente saak”	39
2.6.1	Graad van permanensie	41
2.6.2	Vaste besigheidsplek	42
2.6.3	Agente	43
2.6.4	Filiale	46
2.6.5	Vennootskappe	46
2.7	“Gepas toegerus vir die bedryf”	47
3	IMMIGRANTE – ARTIKEL 9C(3)(b)	49
4	“AKTIWITEITETOETS” VOORHEEN TOEGEPAS	49
4.1	Huurinkomste	50
4.2	Tantième	50
4.3	Rente	51
4.4	Gevolgtrekking	51



## HOOFSTUK 3

### UITSLUITINGS TEN OPSIGTE VAN GEAGTE BRON VAN BELEGGINGSINKOMSTE UIT BUITELANDSE BRONNE – ARTIKEL 9C(3)

#### 1 INLEIDING

In artikel 9C(3) word die situasies, waaronder die bepalings van artikel 9C nie van toepassing op inwoners sal wees nie, omskryf.

#### 2 AKTIEWE BELEGGINGSINKOMSTE – ARTIKEL 9C(3)(a)

In deel 1 van hierdie hoofstuk is bespreek dat artikel 9C beleggingsinkomste definieer en sodanige inkomste deur inwoners, en in sommige gevalle nie-inwoners, uit bronne wêreldwyd verdien, ag om uit 'n Suid-Afrikaanse bron ontvang te wees.

Die bedoeling met artikel 9C is om, in ooreenstemming met die internasionale neiging, passiewe inkomste verdien uit 'n bron buite Suid-Afrika te ag ontvang te gewees het uit 'n bron binne Suid-Afrika en gevolglik in Suid-Afrika te belas. Die bedoeling is nie om aktiewe inkomste wat in die vreemde verdien is in Suid-Afrika te belas nie en om dié rede word aktiewe beleggingsinkomste in die buiteland verdien spesifiek uitgesluit in artikel 9C(3)(a). In ooreenstemming met die Vyfde Verslag se voorstelle val aktiewe buitelandse beleggingsinkomste dus steeds buite die Suid-Afrikaanse belastingnet.

Alhoewel die konsepte van aktiewe en passiewe inkomste internasionaal in belastingstelsels gebruik word, is dit nie altyd 'n eenvoudige saak om die onderskeid te tref nie (Cronje, 1997: 19).

Die Katz-kommissie het in die Vyfde Verslag voorgestel dat die bron van aktiewe inkomste, in ooreenstemming met die internasionale neiging, bepaal moet word deur die wisselwerking tussen teenwoordigheid deur middel van 'n permanente instelling en aktiwiteit. Indien 'n Suid-Afrikaanse inwoner aktiewe

inkomste deur so 'n teenwoordigheid in 'n ander jurisdiksie verdien, behoort hy nie in Suid-Afrika belas te word nie (Katz, 1997: v). Die Vyfde Verslag het verder voorgestel dat goed-ontwikkelde en internasionaal-aanvaarde konsepte in die toepassing van hierdie toets gebruik moet word.

Marius van Blerck, 'n belastingkenner van Anglo American, het gesê dat die reëls relatief ondubbelsinnig moet wees. Hy het gewaarsku dat die uitdaging is om die belastingstelsel so te verander dat dit bestuurbaar is en terselfdertyd tred hou met ontwikkelinge in internasionale handel (soos aangehaal deur *Finance Week*, 1997: 18).

Die vrystelling in artikel 9C(3)(a) is gebaseer op die internasionale konsep van die gebruik van die permanente saak konsep binne die besigheidsaktiwiteite toets.

Die OECD Model gebruik die konsep "besigheidsinkomste" in samewerking met die konsep van 'n "permanente saak" om die omstandighede te beskryf waaronder die bron-land die inkomste verdien deur ekonomiese aktiwiteite onderneem binne die land se grense, mag belas. Die inkomste so verdien word normaalweg as aktiewe inkomste beskou.

Verder word dividende, rente en tantième, in terme van dubbelbelastingooreenkomste, gewoonlik in die kontrakterende land, waar die ontvanger van die inkomste woonagtig is, belas. Artikels 10 (dividende), 11 (rente) en 12 (tantième) van die OECD Model bepaal egter dat die reël nie van toepassing is, indien die inwoner wat die rente ontvang in die ander kontrakterende land 'n besigheid deur 'n permanente saak bedryf en die belegging ten opsigte waarvan die dividende betaal word effektief aan die permanente saak verbonde is.

Artikel 9C(3)(a) bepaal dat artikel 9C nie van toepassing is ten opsigte van beleggingsinkomste van 'n inwoner wat ontstaan uit en effektief verbode is aan die besigheidsaktiwiteite van 'n substantiewe besigheidsonderneming deur bedoelde inwoner bedryf deur 'n permanente saak van die bedoelde inwoner in enige land, behalwe die Republiek, waar bedoelde permanente saak gepas toegerus is vir die bedryf van die vernaamste besigheid van die bedoelde substantiewe besigheidsonderneming. Indien 'n Suid-Afrikaanse maatskappy dus byvoorbeeld 'n fabriek, wat as 'n permanente saak kwalifiseer, in die Verenigde Koninkryk bedryf en rente op die bankrekening wat gebruik word vir die doeleindes van die onderneming in die Verenigde Koninkryk verdien, word die rente nie geag uit 'n Suid-Afrikaanse bron te wees nie (De Koker & Silke, 1997: 5-61).

Bykans geen van die nuwe terminologie in artikel 9C(3)(a) is deur die SAID gedefinieer nie. Sommige van die kwalifikasies is nie definitief nie en mag tot dispute in die toekoms lei (Mitchell, Stein & Silke, 1997: 196). Geen riglyne word ook deur die SAID verskaf nie. Dit is dus onseker of, byvoorbeeld, die oprigting van 'n oorsese lisensie maatskappy met die enigste doel om die inkomste uit tantième te bestuur deur die onderhandeling en bestuur van lisensies, 'n "substantiewe besigheidsonderneming" sal behels en hoe so 'n maatskappy georganiseer sal moet word om "gepas toegerus" te wees.

Die bewoording van artikel 9C(3)(a) stem baie ooreen met die bewoording van subartikel 3(a) van artikel 22 (beperking van voordele) van die dubbelbelastingooreenkoms met die VSA (Staatskoerant 18553, 1997) wat moontlike riglyne met die interpretasie van artikel 9C(3)(a) kan verskaf. Subartikel 3(a) van artikel 22 bepaal dat 'n inwoner van 'n kontrakterende land op die voordele van die konvensie geregtig sal wees indien:

- (i) die inwoner in die eersgenoemde land in die aktiewe *beoefening van 'n bedryf of besigheid* betrokke is,
- (ii) die inkomste *verbonde aan* of insidenteel tot die bedryf of besigheid is en
- (iii) die bedryf of besigheid wat die inkomste genereer *substansieel* met betrekking tot die aktiwiteit van die inwoner in die ander land is.

Die terme van artikel 9C(3)(a) sal vervolgens stuksgewys ontleed word.

## 2.1 “Ontstaan uit”

Die bepaling van artikel 9C is nie van toepassing op beleggingsinkomste wat “ontstaan uit” en effektief verbonde is aan die besigheidsaktiwiteite van 'n substantiewe besigheidsonderneming bedryf deur 'n permanente saak nie (artikel 9C(3)(a)).

In die afwesigheid van spesifieke riglyne sal die beginsels van toepassing om die bron van inkomste te bepaal waarskynlik gebruik moet word om te bepaal waar die inkomste ontstaan.

Die huidige Suid-Afrikaanse belastingstelsel ondervind heelwat probleme met die bepaling van die bron van aktiewe of besigheidsinkomste. Dit is egter buite die omvang van hierdie studie om die probleme in diepte te bespreek.

Die Vyfde Verslag (Katz, 1997: 14) was gekant teen 'n gedetailleerde lys van bron-reëls en het voorgestel dat internasionaal-erkende beginsels gebruik word wat na gelang van die omstandighede van elke saak interpreteer moet word. Menige lande inkorporeer die konsepte van aktiwiteit gekoppel aan 'n permanente saak in die reg, om die bron van besigheidswinste te bepaal. Die Franse verwys na die konsep van aktiwiteite wat gereeld en as gewoonte in 'n sekere land uitgeoefen word, in die bepaling van die bron van inkomste.

## 2.2 “Effektief verbonde aan”

Die bepaling van artikel 9C is nie van toepassing op beleggingsinkomste wat ontstaan uit en “effektief verbonde” is aan die besigheidsaktiwiteite van ’n substantiewe besigheidsonderneming bedryf deur ’n permanente saak nie.

Die terminologie “ontstaan uit en effektief verbonde aan” dui daarop dat daar ’n noue verband (teenoor ’n terloopse of insidentele verband) tussen die beleggingsinkomste en die besigheidsaktiwiteite moet bestaan. Die beleggingsinkomste kan ’n sekondêre produk van die besigheidsaktiwiteite wees en hoef nie die primêre produk te wees nie, solank die inkomste effektief verbonde is aan die besigheidsaktiwiteite (Van Blerck & Horak, 1997: 17).

Subartikel 3(d) van artikel 22 van die dubbelbelastingooreenkoms met die VSA bepaal dat inkomste verbonde aan ’n bedryf of besigheid is, indien die aktiwiteit wat die inkomste genereer ’n tipe besigheid is wat ’n deel vorm of komplementêr tot die bedryf of besigheid is.

### 2.2.1 “Toeskryfbaar aan”

Passos (1986: 175) het die stelling gemaak dat beleggingsinkomste effektiewelik verbonde is aan ’n permanente saak indien dit verband hou met die bates wat aan die permanente saak behoort. Die verband is volgens haar gebaseer op ’n ekonomiese verwantskap. Uit ’n feitelike oogpunt, volgens haar, impliseer dit waarskynlik “toeskryfbaarheid”.

Die Vyfde Verslag het voorgestel dat slegs inkomste “toeskryfbaar” aan die permanente saak, in ooreenstemming met aanvaarde internasionale norme, binne die belastingjurisdiksie belas moet word (Katz, 1997: v).

Die internasionale dubbelbelasting konvensie oor besigheidswinste (OECD Model, artikel 7) steun op die konsep van die reg om besigheidswinste te belas gebaseer op die graad van toeskryfbaarheid aan, of allokasie tot, die een of ander permanente saak.

Die toepassing van die toeskryfbaarheidsreëls kragtens die besigheidswinste artikel van die OECD Model (artikel 7) kan dus as 'n riglyn gebruik word om te bepaal watter inkomste "effektief verbonde" is aan die permanente saak. Dit impliseer dat soveel van die beleggingsinkomste as wat 'n vergelykbare onafhanklike onderneming sou genereer, aan die permanente saak toegeskryf kan word. Die permanente saak moet dus beskou word as 'n onafhanklike onderneming wat armlengtetransaksies aangaan met die hoofkantoor of ander entiteite in die groep om die inkomste toeskryfbaar te bepaal. Die omskrywings en bepalings in artikel 31 van die Wet (vaststelling van belasbare inkomste van verbonde persone ten opsigte van internasionale transaksies) sal toegepas kan word. Dit kom ook neer op dieselfde beginsels toegepas in die oordragspryse reëls. Die laaste OECD Verslag oor oordragspryse in die area van finansiële dienste mag in dié opsig 'n praktiese riglyn verskaf (aangehaal uit kommentaar oor die toepassing van artikel 9D deur W. Horak (Arthur Andersen) aan die Kommissaris van Binnelandse Inkomste).

In die Verenigde State van Amerika (VSA) word die inkomste van 'n buitelandse daar belas indien dit effektiewelik verbonde is aan die beoefening van 'n bedryf in die VSA. Afdeling 864 van die *Internal Revenue Code* voorsien dat effektiewelik verbonde inkomste die volgende insluit: inkomste verdien uit die verkoop of ruil van voorraad wat buite die VSA plaasvind indien dit aan 'n kantoor of ander vaste besigheidsplek binne die VSA toeskryfbaar is. Die inkomste sal so toeskryfbaar wees indien die kantoor of vaste besigheidsplek (1) 'n wesentlike faktor in die produksie van die inkomste is en (2) gereeld die tipe aktiwiteite waaruit die inkomste verdien is, beoefen (Levey, O'Donnell & Powers, 1997: 481).

## 2.2.2 Ander internasionale toepassings

Die term “effektief verbonde” word internasionaal ook in ander konnotasies gebruik.

Die term “effektief verbonde” word spesifiek in artikels 10, 11 en 12 (sien paragraaf 2 in hierdie hoofstuk) in die OECD Model gebruik, maar nie spesifiek gedefinieer nie.

In die VSA word die inkomste van 'n buitelanders daar belas indien dit effektiewelik verbonde is aan die beoefening van 'n bedryf in die VSA. Die vereistes neergelê in die *Tax Reform Act of 1986* bepaal dat twee faktore oorweeg moet word. Die eerste is die “asset use test”, dit wil sê of die inkomste verdien is uit bates gebruik in die besigheid, byvoorbeeld tantième uit die aktiewe bemarking van 'n patent in die VSA verdien. Die tweede is die “business activities test” dit wil sê of die aktiwiteite van die besigheid 'n wesentliche rol in die produksie van inkomste gespeel het (Cohen, 1986: 24-25).

In Kanada word nie-inwoners slegs op inkomste verdien uit 'n bron in Kanada belas. Die inkomste van nie-inwoners word kragtens Deel 1 (inkomste van nie-inwoners wat effektiewelik gekoppel kan word aan 'n Kanadese besigheid of indiensneming in Kanada) of kragtens Deel XIII (passiewe (nie effektiewelik gekoppel) Kanadese bron inkomste soos rente, dividende, tantième, huur ensovoorts) van die Kanadese Inkomstebelastingwet belas. Die term “effektiewelik gekoppel” is nie spesifiek omskryf nie en die allokasie van inkomste na die Kanadese besigheid is 'n feitevraag sonder die bystand van enige toepaslike Kanadese regspraak.

## 2.2.3 Toedeling van inkomste

Artikel 9C(3) bepaal dat artikel 9C nie van toepassing is op beleggingsinkomste van 'n inwoner wat ontstaan uit en effektief verbonde is aan die besigheidsaktiwiteite deur die bedoelde inwoner bedryf deur 'n

permanente saak “van die bedoelde inwoner”. Indien aanvaar word dat die term “effektief verbonde aan” dui op die toeskryfbaarheid van inkomste aan die permanente saak, ontstaan die verdere probleem van allokasie van inkomste van ’n onderneming, aangesien slegs die gedeelte toeskryfbaar aan die permanente saak “van die bedoelde inwoner”, vrygestel is.

Die toepassing van die toeskryfbaarheidsreëls impliseer ook dat ’n gedeelte van die inkomste nie aan die permanente saak toeskryfbaar mag wees nie.

Menige Europese land skryf inkomste toe aan permanente sake deur hulle as onafhanklike ondernemings te beskou en aparte rekeningkundige metodes of formules toe te pas.

Die toedeling van inkomste aan meer as een bron het, met die toenemende betrokkenheid van Suid-Afrika in internasionale projekte met transaksies oor die grense wat vinnig toeneem, weer sterk na vore getree. Die tendens in Suid-Afrika by die toedeling van inkomste aan meer as een bron, is om die inkomste toe te deel aan die dominante bron. Dit sal egter nie lank neem voor die toepaslike feite voor die appèlafdeling van die Hooggeregshof verskyn en die hof ’n uitspraak lewer ten gunste van toedeling as ’n praktiese metode vir bepaling van die bron van inkomste nie (Clegg, 1996: 44).

Die Katz-kommissie het voorgestel dat die stelsel deur ’n stelsel van toedeling tussen twee of meer bydraende bronne vervang moet word. Die aanbeveling is gemaak dat die voorbeeld van internasionale dubbelbelastingooreenkomste gevolg word (Katz, 1997: 19):

- (i) Daar word aan elke aktiwiteit die belasbare inkomste toegeskryf wat die aktiwiteit na verwagting sou verdien indien dit ’n afsonderlike onderneming was wat dieselfde aktiwiteite onder dieselfde of soortgelyke toestande onderneem en heeltemal onafhanklik van die ander dele van die besigheid bedryf word.



- (ii) By die bepaling van die belasbare inkomste word die uitgawes aangegaan vir die doel van die bedrywigheid, insluitend uitvoerende en algemene administratiewe uitgawes, as aftrekking toegelaat.
- (iii) Die belasbare inkomste word van jaar tot jaar op dieselfde basis bepaal, tensy daar goeie en genoegsame redes bestaan om die basis te verander.

Die toedeling tussen meer as een bron is in ooreenstemming met die bepalings van artikel 7 (besigheidswinste) van die OECD Model. In paragraaf 4 van artikel 7 word gestel dat dit aanvaarde beleid in 'n kontrakterende land is om die winste toeskryfbaar aan 'n permanente saak te bepaal op die basis van toedeling van die totale winste van die onderneming aan sy onderskeie dele. Die winste toeskryfbaar aan die permanente saak moet volgens dieselfde metode van jaar tot jaar bepaal word, tensy daar goeie en genoegsame redes bestaan om die metode te verander (OECD Model, artikel 7, paragraaf 6).

Die voorstel in die OECD Kommentaar (artikel 7, paragraaf 5) is dat die fiskale outoriteite van 'n land na die verskillende bronne van winste wat die onderneming in die land verdien moet kyk en dan die permanente saak toets op elkeen moet toepas.

### **2.3 “Substantiewe besigheidsonderneming”**

Die bepalings van artikel 9C is ingevolge artikel 9C(3)(a) nie op beleggingsinkomste wat ontstaan uit en effektief verbonde is aan die besighedsaktiwiteite van 'n “substantiewe besigheidsonderneming” bedryf deur 'n permanente saak, van toepassing nie.

Die term “substantiewe besigheidsonderneming” is nie 'n term wat algemeen in die internasionale dubbelbelastingnetwerk of in die internasionale dimensies van nasionale belastingwetgewing gebruik word nie.

Die Vyfde Verslag (Katz, 1997: v) het voorgestel dat die belasting van aktiewe inkomste op die beginsel van besigheidsaktiwiteit deur 'n minimum teenwoordigheid binne die belastingjurisdiksie gebaseer moet word. Indien 'n buitelanders dus aktiewe inkomste uit 'n teenwoordigheid in Suid-Afrika verdien wat "genoegsame substansie" het, moet die inkomste hier belas word. Die internasionale konsep van 'n permanente saak om te bepaal of die belastingpligtige 'n "substantiewe teenwoordigheid" in 'n bepaalde jurisdiksie het, moet gebruik word. Die Vyfde Verslag het egter nie uitgebrei oor wat beskou moet word as "genoegsame substansie" of "substantiewe teenwoordigheid" nie.

Die Vyfde Verslag (Katz, 1997: 9) verwys ook na die moontlikheid dat 'n belastingpligtige besigheid in 'n land bedryf, sonder die skepping van 'n permanente saak. In terme van dubbelbelastingreëls sal die inkomste nie in die bron-land belas word nie. In die geval waar die inkomste nie uit 'n bron in Suid-Afrika ontvang is nie, sal die inkomste ook nie in Suid-Afrika belas word nie. Sulke gevalle sal nie gereeld voorkom nie, aangesien dit onwaarskynlik is dat die dominante bron van die inkomste buite Suid-Afrika geleë is indien daar 'n beperkte aktiwiteit of teenwoordigheid in die buiteland is. Die voorstel van die Katz-kommissie in die Vyfde Verslag was dat in sulke gevalle die aktiewe inkomste in die buiteland verdien nie in Suid-Afrika belasbaar sal wees indien die inkomste deur die ekwivalent van 'n "substantiewe" teenwoordigheid in die buiteland genereer is nie.

Dit blyk dus duidelik dat die woord "substantief" deur die Katz-kommissie in die Vyfde Verslag in die eerste plek gebruik is as 'n aanduiding van die bestaan van 'n permanente saak en in die tweede plek in die konteks gebruik word waar daar nie 'n permanente saak is om die bron van die inkomste te bepaal nie. In artikel 9C(3)(a) word vereis dat die belastingpligtige 'n substantiewe besigheidsonderneming deur 'n permanente saak moet bedryf, wat eintlik onnodig blyk te wees, want 'n substantiewe teenwoordigheid, volgens die Vyfde Verslag, is een van die faktore wat die bestaan van 'n permanente saak bepaal.

Die definisie van “substantial” per die *Oxford English Dictionary* (Simpson & Weiner, 1989: 66-67) verwys na iets wat as ’n substansie opsigself kan bestaan en ’n werklike bestaan het en ook iets wat solied gevestig is. Die definisie van “substantive” verwys na iets wat alleen bestaansreg het, onafhanklik kan bestaan en selfonderhoudend is.

Die Verklarende Handwoordeboek van die Afrikaanse taal beskou die woord “substantief” as ’n selfstandige naamwoord. Die woord “substansieel” verwys egter na iets wat op homself bestaande of selfstandig is, sowel as wesenlik.

Die besigheidsonderneming sal dus die kwaliteite van ’n onafhanklike, selfonderhoudende besigheid moet hê.

In die VSA word die aftrekking van verliese genereer deur passiewe aktiwiteite deur ’n individu, beperk tot die mate van inkomste uit passiewe aktiwiteite. ’n Passiewe aktiwiteit is enige aktiwiteit waaraan die belastingpligtige nie wesenlik deelneem nie en enige verhuringsaktiwiteit. Die algemene reël vir wesenlike deelname is dat die belastingpligtige se betrokkenheid by die bedrywighede gereeld, deurlopend en substansieel moet wees (Brown, 1955: 470).

’n Permanente saak wat uit Suid-Afrika bestuur en beheer word sal dus waarskynlik nie as genoegsaam onafhanklik beskou word ten einde as ’n substantiewe besigheidsonderneming te kwalifiseer nie. Daar sal ’n redelike mate van deelname aan die bestuur van die permanente saak deur die Suid-Afrikaanse inwoner moet wees.

Daar is geen vereiste dat die substantiewe besigheidsonderneming aktiewe besigheidsaktiwiteite moet onderneem nie.

Daar bestaan geen twyfel dat ’n houermaatskappy met ’n vaste kantoor en personeel wat gereeld kontrakte namens die maatskappy sluit in ’n spesifieke land, ’n permanente saak in daardie land sou hê in terme van paragrawe 2 en 5 van artikel 5 van die OECD Model. Dit is benewens die feit dat die hou van

beleggings in filiale nie noodwendig 'n aktiewe besigheidsbedrywigheid is nie. Dit is dus duidelik dat 'n werklike houermaatskappy, wat behoorlike werknemers het en by die permanente saak bestuur word, as 'n substantiewe besigheidsonderneming sal kwalifiseer (Van Blerck & Horak, 1997: 19).

Dit is ook moontlik dat die riglyne deur subartikel 3(d) van artikel 22 van die dubbelbelastingooreenkoms met die VSA neergelê, gebruik sal word om te bepaal wanneer 'n bedryf of besigheid van 'n inwoner “substansieel” is, met betrekking tot die aktiwiteite wat die inkomste genereer, vir die doeleindes van subartikel 3(a) van artikel 22 (sien paragraaf 2 van hierdie hoofstuk). Ingevolge subartikel 3(d) van artikel 22 sal die bepaling op die feite en omstandighede gebaseer word. 'n Wesenlikheidstoets ten opsigte van batewaarde, bruto inkomste en werknemersvergoeding word verder omskryf om te bepaal wanneer 'n bedryf of besigheid geag word “substansieel” te wees. Die term “substansieel” in die konteks van bogenoemde artikel verwys dus waarskynlik na die begrip wesenlikheid.

In die lig van die bogenoemde onsekerheid bestaan daar die behoefte vir die SAID om riglyne te verskaf ten opsigte van die kwantifisering van die begrip “substantiewe onderneming”, veral ten opsigte van die noodsaaklike elemente wat die SAID in die oorweging van 'n “substantiewe besigheidsonderneming” sal toepas (De Koker & Silke, 1997: 5-59).

#### **2.4 “Besigheidsaktiwiteite bedryf”**

Artikel 9C(3) bepaal dat artikel 9C nie van toepassing is op beleggingsinkomste van 'n inwoner wat ontstaan uit en effektief verbonde is aan die “besigheidsaktiwiteite” van 'n substantiewe onderneming deur die bedoelde inwoner “bedryf” deur 'n permanente saak.

Die term besigheidsaktiwiteite, indien in isolasie geïnterpreteer, is baie wyd en kan enige kategorie besigheid insluit. Dit moet egter binne die konteks van die “substantiewe besigheidsonderneming” beskou word (sien paragraaf 2.3 hierbo).

Die term om 'n besigheid te bedryf word by herhaling in die Wet gebruik, maar word nie spesifiek in die Wet gedefinieer nie.

Die benadering van die nasionale howe tot dusver was om aan die term sy gewone kommersiële eerder as tegniese betekenis te gee. Verskeie hofsake het beklemtoon dat die hoofdoelwit by die beoefening van 'n bedryf die verdien van wins behoort te wees en daar kontinuïteit en herhaling van transaksies moet wees. Die bedoeling van die belastingpligtige om 'n besigheid te bedryf speel ook 'n belangrike rol. In *Transvaal Associated Hide and Skin Merchants v COT, Botswana* (1967) is bevind dat enigiets wat die tyd, aandag en arbeid van 'n man, met die doel om wins te verdien, in beslag neem, 'n besigheid is (De Koker, 1998: 24-5).

In die Verenigde Koninkryk word nie-inwoners wat besigheidsaktiwiteite in die Verenigde Koninkryk beoefen slegs op inkomste uit 'n bron binne die Verenigde Koninkryk verdien, belas. Een van die hoof areas van aktiwiteit waaraan nie-inwoners aandag moet gee is die aktiewe bron van die inkomste d.w.s. of die winste verdien is uit 'n bedryf binne die Verenigde Koninkryk beoefen. Die toets hiervoor is waar die bedrywighede plaasgevind het waaruit die winste in wese ontstaan het (Hoyle, 1996: 43). Regspraak beskou die ligging van die kontrak as bykans 'n bepalende faktor. 'n Persoon dryf byvoorbeeld handel in die Verenigde Koninkryk indien die kontrakte vir die verkoop van goedere of verskaffing van dienste normaalweg in die Verenigde Koninkryk gesluit word, ongeag waar die terme van die kontrak vervul word.

In die VSA word nie-inwoners belas op inkomste verdien uit 'n bron in die VSA. Twee belangrike beginsels word by die bepaling van die aanspreeklikheid van 'n buitelandse persoon vir belasting in die VSA toegepas. Die eerste is die karakter en ligging van die buitelandse persoon se ekonomiese aktiwiteit d.w.s. of 'n besigheid of bedryf beoefen word (in teenstelling met belegging). Dit sal afhang van die aard en omvang van sy ekonomiese kontrakte met die land. Bepalende faktore sal die ligging van besigheidsaktiwiteite, bestuur en ander besigheidsfunksies byvoorbeeld aankope, finansiële aktiwiteite, navorsing ensovoorts insluit. 'n Verdere toets

deur die howe neergelê is dat die aktiwiteite aansienlik, deurlopend en gereeld moet wees. Die howe het bevind dat die verhuring van eiendom gepaardgaande met die uitvoering van sekere minimale funksies wat normaalweg insidenteel tot die eienaarskap van eiendom is, nie die beoefening van 'n bedryf behels nie. Die tweede belangrike beginsel is die verwantskap tussen die belastingpligtige se inkomste en sy aktiwiteite in die VSA d.w.s. of sy inkomste effektiewelik gekoppel kan word aan 'n besigheid of bedryf binne die VSA (sien paragraaf 2.2 van hierdie hoofstuk).

Passiewe inkomste word in die VSA se *1986 Tax Reform Act* omskryf. Dit sluit in dividende, rente, huur en tantième, sowel as winste met die verkoop of ruil van bates wat inkomste genereer, byvoorbeeld aandele, vaste eiendom en patente en sluit onder andere uit huur en tantième bekom uit die aktiewe beoefening van 'n bedryf of besigheid indien ontvang van 'n nie-verbonde persoon uit. Die huur moes ontvang gewees het uit eiendom wat die verhuurder ontwikkel of waar die verhuurder substansiële bestuursaktiwiteite beoefen. Dit sou die indiensneming van personeel behels om die funksies uit te voer. Die indiensneming van 'n vaste eiendom bestuursfirma sou egter nie aktiewe huurinkomste skep nie en buite die omvang van hierdie uitsluiting val (Saunders, 1997: 1700D).

Die lewer van kenmerkende en beduidende dienste, primêr vir die gerief van 'n huurder, met betrekking tot die bedryf en bestuur van die verhuringseiendom en die aangaan van substansiële koste is ook al beskou as die aktiewe beoefening van 'n bedryf in die VSA. Kenmerkende dienste sluit in die bestuur van die eiendom, die onderhandeling van huurkontrakte, die werwing van nuwe huurders en die herstel en onderhoud van die eiendom. Ten einde vir die dienste om beduidend te wees moet dit gereeld en uitgebreid en tipies van die tipe eiendom wat verhuur word wees (*Feingold v. Commissioner* (1968)) (August & Schepps, 1984: 268-270). Die Binnelandse Inkomste in die VSA het bevind dat 'n belastingpligtige se groot werknemersvergoeding en kantoor huuruitgawes genoegsame "substansiële koste" was (Ruefenacht, 1994: 550).

Die volgende aktiwiteite beoefen deur 'n verhuurder van vaste eiendom aan wegneem eetplekke het byvoorbeeld die *Internal Revenue Service* oortuig om sy huurinkomste as 'n aktiewe bedryf te beskou (*Taxation for Accountants*, 1995: 303-304):

- (a) hanteer alle aspekte van rekeninge aan huurders en invorderings,
- (b) monitor verhuurders se nakoming van huurkontrakbepaling,
- (c) kollekteer agterstallige huur direk van huurders en raadpleeg invorderaars en prokureurs waar nodig,
- (d) monitor dat huurders eiendomsbelasting betaal, voldoende versekering het en nodige herstelwerk doen,
- (e) monitor huurders se bruto ontvangstes en voorsien advies aan huurders in finansiële moelikheid,
- (f) inspekteer eiendomme ten minste kwartaalliks en
- (g) hou toesig oor verbeteringe aan eiendomme betaal deur huurders.

Die bewoording van die besigheidswinste artikel van die OECD Model (OECD, 1997: M-17) voorsien dat die ander kontrakterende land nie die winste mag belas van 'n onderneming van 'n kontrakterende land tensy die onderneming 'n besigheid deur 'n permanente saak in die ander land bedryf. Daar word egter nie in die OECD Model self of die kommentaar daarop, op die term "besigheid bedryf", uitgebrei nie.

In Kanada word huurinkomste wat effektiewelik gekoppel kan word aan 'n besigheid onderwerp aan die reëls verbonde aan besigheidswinste, terwyl inkomste verdien bloot uit die verhuring van eiendom, nie daaronder val nie. Soos in ander lande is dit moeilik om te bepaal wanneer verhuring die beoefening van 'n bedryf behels. Volgens Kanadese regspraak moet daar substansiële uitgebreide dienste gelewer word, wat heelwat meer as die blote verskaffing van ruimte moet wees.

Dit blyk uit die bogenoemde ontleding dat die hoofoorwegings by die bepaling van die beoefening van besigheidsaktiwiteite, die volgende is: die hoofdoelwit van die besigheid moet die verdien van wins wees en die aktiwiteite moet aansienlik, gereeld en deurlopend wees.

Die beoefening van 'n bedryf word verder ook by die ontleding van die terme "gepas toegerus vir die bedryf" (sien paragraaf 2.7 van hierdie hoofstuk) ondersoek. Die bedryf van besigheidsaktiwiteite is egter nie nuwe terme in die Wet nie en terme wat reeds vir 'n geruime tyd deur belasting- en regs kundiges debatteer word.

## **2.5 "Deur bedoelde inwoner"**

Die bedoeling met die uitsluiting in artikel 9C(3)(a) is om beleggingsinkomste wat nie passief van aard is nie, uit te sluit. Die besigheidsaktiwiteite moet "deur bedoelde inwoner" bedryf word, wat daarop dui dat die inwoner aktief by die besigheidsaktiwiteite betrokke moet wees.

Aktiewe deelname behels deelname in die dag tot dag bedrywighede en besluitnemingsprosesse van die onderneming. Die belegger moet dus seker maak dat direksienotules en ander korporatiewe of vennootskapsdokumente reflekteer dat die belegger by die besigheid op 'n daaglikse basis betrokke is. Dit is 'n subjektiewe area waar die belegger se handeling en bedoelinge die beste bewyse sal lewer (Zook, 1994: 343).

Indien die substantiewe besigheidsonderneming voldoende bestuurders en werknemers van sy eie het, wat die mag en kennis het om die hoofsaaklike besigheid van die onderneming te bedryf en dit doen, sal dit waarskynlik gesien word om deur die bedoelde inwoner bedryf te word. Dit is in teenstelling met die geval waar derde partye, wat nie bestuurders of werknemers of afhanklike agente (binne die vereistes van artikel 5(5) van die OECD Model) van die onderneming is nie, die dominante aktiwiteite beoefen (Van Blerck & Horak, 1997: 18-19).



## 2.6 “Deur ’n permanente saak”

Die vereiste van die uitsluiting in artikel 9C(3)(a) is dat die besigheidsaktiwiteite van die substantiewe besigheidsonderneming bedryf moet word “deur ’n permanente saak”.

Die omskrywing van ’n permanente saak in artikel 9C en die verwysing na die omskrywing in die OECD Model is reeds bespreek in paragraaf 3.3 van Hoofstuk 2. Die noodsaaklike verband tussen die substantiewe onderneming en die permanente saak en die nodige vereistes vir die bestaan van ’n permanente saak, in die lig van die omskrywing in artikel 5 van die OECD Model, sal nou verder ondersoek word.

In paragraaf 1 van artikel 5 van die OECD Model word die voorwaarde gestel dat die besigheid bedryf moet word deur ’n vaste besigheidsplek om as ’n permanente saak te kwalifiseer. Die OECD Kommentaar verduidelik dat dit gewoonlik beteken dat persone wat op die een of ander manier afhanklik is van die onderneming (personeel), die besigheid van die onderneming in die land waar die vaste besigheidsplek geleë is, bedryf (OECD, 1997: C(5)-1).

Dit is nie vir die permanente saak genoeg om bloot te bestaan nie. Die vereiste besigheidsaktiwiteite moet deur die permanente saak bedryf word. Die permanente saak moet dus nie slegs substansie hê nie, maar die substansie moet verband hou met die besigheidsaktiwiteite van die substantiewe besigheidsonderneming. Die passiewe besigheidsaktiwiteite (byvoorbeeld investering van fondse), sal nou verwant moet wees aan die aktiewe besigheidsaktiwiteite (byvoorbeeld vervaardiging) van die permanente saak om te kwalifiseer dat die passiewe aktiwiteite bedryf word deur die permanente saak (Van Blerck & Horak, 1997: 21). Dit is egter soms moeilik om die verband te bepaal, veral in die geval van tantième (soos dit uit die volgende twee hofsake sal blyk).

In *Swank & Son, Inc. v United States* (1975) het 26% van die korporasie se bruto ontvangstes bestaan uit bonusbetalings ontvang ingevolge 'n olie- en gashuurkontrak. Die vraag het ontstaan of bonusbetalings wat nie met produksie verband hou nie, passiewe beleggingsinkomste in die vorm van tantième was. Die hof het beslis dat die inkomste nie passief van aard was nie, aangesien dit verband hou met die aktiewe besigheid in soverre die onderhandeling vir die olie- en gashuurkontrak opsigself 'n aktiewe deel van die bestuur van die land was (August & Schepps, 1984: 263).

Die vraag het ook ontstaan of vergoeding betaal vir lisensies vir die gebruik van rekenaarsagteware, tantième is. Die onderskeid moet duidelik getref word tussen die ontvangs van aktiewe inkomste vir die verkoop, onderhoud en herstel van sagteware en passiewe inkomste in die vorm van betalings ontvang vir die reg van gebruik van 'n program.

Ten einde die probleem op te los word "aktiewe besigheidsrekenaarsagteware tantième" uitgesluit uit die definisie van tantième in die *1986 Tax Reform Act* (August & Schepps, 1984: 264-265).

Belgiese howe en regskeners het aanvaar dat 'n permanente saak drie karaktereenskappe moet hê: stabiliteit, produktiwiteit en afhanklikheid (Baker, 1991: 90). Die stabiliteit sal waarskynlik bekom word deur 'n vaste besigheidsplek met die nodige graad van permanensie, wat vervolgens bespreek sal word. Die afhanklikheid is reeds in paragraaf 2.3 van hierdie hoofstuk, waar die substansie van die besigheidsonderneming bespreek is, ondersoek. Die OECD kommentaar op artikel 3 en 7 (OECD, 1997: C(5)-1 tot C(5)-3) maak dit duidelik in paragrawe 3 en 7 dat die aktiwiteite van die permanente saak nie van 'n produktiewe aard hoef te wees nie.

Die diverse aspekte van agente, filiale en vennootskappe sal ook vervolgens bespreek word.

### 2.6.1 Graad van permanensie

Die feit dat daar geen dimensie van tyd as kwalifikasie by die gebruik van die definisie van 'n permanente saak gevoeg is nie, kan lei tot onsekerhede met toepassing van die term. Die beginsel behoort te wees dat die periode meer as net 'n insidentele of baie kort teenwoordigheid moet wees.

Die Katz-kommissie het in die Vyfde Verslag (Katz, 1997: 17) voorgestel dat 'n plek van besigheid as 'n permanente saak beskou moet word nadat die fasiliteit in 'n relevante jurisdiksie vir 'n minimum periode van byvoorbeeld drie maande bestaan het en die huring van fasiliteite moet insluit. So 'n beperking moet dan per fiskale jaar vasgestel word. In die algemeen behoort die toets te wees of 'n gepaste besigheidsfasiliteit vir langer as net 'n tydelike teenwoordigheid in die buiteland gebruik is.

In die afwesigheid van so 'n dimensie van tyd moet daar vir leiding na die houe se uitsprake gekyk word. In *Transvaal Associated Hide and Skin Merchants v COT, Botswana* (1967), het die hof bepaal dat die woord permanent in die term "permanente saak" gebruik word in teenstelling met die blote tydelike gebruik van persele vir bedryfsdoeleindes. Die belastingpligtige se gebruik van 'n skuur teen 'n jaarlikse huur was genoegsame bewys dat die gebruik van die perseel permanent en nie slegs tydelik of per geleentheid was nie en beskou kon word om onbepaald voort te duur.

In *Georges Simenon* (1965) is 'n skrywer se studeerkamer bevind om permanent genoeg te wees om as 'n permanente saak te kwalifiseer. Aan die ander kant is die besit van 'n posadres sonder 'n kantoor, gelyste telefoon of bankrekening, bevind om nie die elemente van 'n permanente saak te bevat nie (*Consolidated Premium Iron Ores Ltd.* (1959) (soos aangehaal deur Baker, 1991: 90)).

In die Verenigde Koninkryk het die houe byvoorbeeld al beslis dat besigheidsaktiwiteite beoefen in 'n hotelkamer wat 'n genoegsame element van permanentheid getoon het, 'n permanente saak is. Dit is dus nie nodig

om byvoorbeeld formeel 'n kantoor of fabriek te open nie (Saunders, 1997: 1037).

Vir 'n plek van besigheid om as 'n permanente saak te kwalifiseer moet die onderneming sy besigheidsaktiwiteite geheel of gedeeltelik deur die permanente saak bedryf. Die aktiwiteit hoef nie permanent in die sin van geen onderbreking van bedrywighede te wees nie, maar bedrywighede moet op 'n gereelde basis uitgevoer word (OECD, 1997: C(5)-3).

### **2.6.2 Vaste besigheidsplek**

Die Katz-kommissie het in die Vyfde Verslag (Katz, 1997: 17) voorkeur daaraan verleen dat die definisie van 'n permanente saak nie na 'n vaste besigheidsplek moet verwys nie, aangesien dit nie die tegnologiese voordele erken wat fasiliteite soos die mobiele kantoor moontlik gemaak het nie. Die voorstel was dat die vereiste van 'n vaste besigheidsplek verwyder moet word en in plaas daarvan die vereiste gestel moet word dat die besigheidsfasiliteit gepas toegerus moet wees vir die spesifieke besigheid (1997: 17). Die hedendaagse kritiek teen die fisiese teenwoordigheidstoets word volledig in Hoofstuk 9 bespreek.

Die Wetgewer het egter, in die definisie van 'n permanente saak in artikel 9C (sien paragraaf 3.3 van Hoofstuk 2), die verwysing na 'n vaste besigheidsplek, sowel as die addisionele vereiste dat die permanente saak gepas toegerus moet wees vir die bedryf van die vernaamste besigheid van die substantiewe besigheidsonderneming, ingesluit.

Die beginsel internasionaal in dubbelbelastingooreenkomste toegepas is dat daar 'n ligging of fasiliteit vir die bedryf van die besigheid moet wees. Persele, fasiliteite of installasies, hetsy dit besit, gehuur of andersins vir gebruik bekom is, word as besigheidsplek ingesluit. Sekere ruimtes moet dus vir gebruik deur die onderneming vir sy besigheid geïdentifiseer word. Selfs die plek van

besigheid van 'n ander persoon mag opsigself 'n vaste besigheidsplek behels indien uitgebreide besigheid daar beoefen word.

Ten einde aan die vereiste as 'n vaste besigheidsplek te voldoen, moet die plek vir deurlopende besigheidsaktiwiteite en nie net bloot op 'n sporadiese of tydelike basis gebruik word nie. Die kontinuïteit van die besigheid is 'n kwessie van graad wat verbonde is aan die tipe of aard van die besigheid wat beoefen word, sowel as die bedoeling waarmee die plek gevestig is. Selfs al word die besigheidsplek gesluit kort nadat die gevestig is, mag dit steeds as 'n permanente saak kwalifiseer mits die onderneming die bedoeling gehad het om dit op 'n deurlopende basis te gebruik en die besluit om die onderneming te sluit gegrond is op spesifieke omstandighede.

Indien 'n besigheidsplek gevestig is vir tydelike gebruik en vir 'n langer periode as wat as tydelik gebruik sou kwalifiseer gebruik word, sal dit terugwerkend as 'n permanente saak vanaf die stigtingsdag beskou word.

Dit is ook nie 'n vereiste dat die besigheidsplek eksklusief vir die besigheid van die onderneming gebruik moet word nie. Dit is genoeg indien die besigheidsplek slegs gedeeltelik vir die besigheid van die onderneming gebruik word. Dit is ook genoeg indien die besigheidsaktiwiteite op 'n gereelde basis beoefen word en 'n daaglikse aktiwiteit is dus nie noodsaaklik nie. Onderbrekings is dus aanvaarbaar, mits die karakter van die besigheid nie verloor word nie (Passos, 1986: 139-141).

### **2.6.3 Agente**

Paragraaf 5 van die omskrywing van 'n permanente saak in artikel 5 van die OECD Model bepaal dat waar 'n persoon namens 'n onderneming optree en die outoriteit het en dit gereeld uitoefen, om namens die onderneming in die naam van die onderneming kontrakte te sluit, die onderneming geag word om 'n permanente saak te hê met betrekking tot aktiwiteite wat die persoon namens die onderneming onderneem. Die doel van die bepaling is om te

verseker dat 'n prinsipaal permanente saak status op 'n plek waar die agent aktief is, bekom, al het die prinsipaal geen vaste besigheidsplek daar nie.

Die agent hoef nie 'n werknemer van die onderneming te wees nie, solank hy namens die onderneming optree. Die agent moet egter die nodige mag hê om namens die onderneming op te tree en dit gereeld en herhaaldelik uitoefen. Die feit dat 'n agent een enkele kontrak sluit mag nie die graad van permanentheid hê om as 'n permanente saak nie te kwalifiseer. Die agent moet gemagtig wees om alle elemente van die kontrak te onderhandel en by magte wees om die onderneming kontraktueel te verbind.

In die Verenigde Koninkryk ondersoek die Inkomstediens die risiko's, verantwoordelikhede en vergoeding van die agent om te bepaal of een persoon die agent van 'n ander persoon is (Saunders, 1997: 1038).

Paragraaf 6 van artikel 5 van die OECD Model bepaal egter dat permanente saak status nie bekom sal word waar die onderneming deur middel van 'n makelaar, algemene kommissie-agent of enige ander agent met onafhanklike status, besigheid bedryf nie, mits so 'n persoon in die gewone loop van sy besigheid optree.

Internasionaal word 'n agent wie se aktiwiteite aan die gedetailleerde instruksies of omvattende kontrole van die onderneming onderworpe is en 'n agent wat nie die entrepreneursrisiko van sy eie onderneming dra nie, nie as onafhanklik beskou nie. Verder mag 'n agent deur 'n prinsipaal besit word, maar steeds onafhanklik van hom optree. Die optrede namens meer as een prinsipaal sal ook op ekonomiese onafhanklikheid dui. Die optrede van 'n agent in die gewone loop van sy besigheid kan bewys word deurdat die terme van kontrakte met verskillende prinsipale nie dieselfde is nie.

In *SIR v Downing* (1975) het die vraag ontstaan of winste uit aandeeltransaksies verdien, wat nie in Switserland nie belasbaar was nie, in Suid-Afrika belasbaar was. Die belastingpligtige het in Switserland gewoon en sy aandeelportefeulje in Suid-Afrika is namens hom deur 'n Suid-

Afrikaanse aandelemakelaar geadministreer. Die vraag was of die belastingpligtige in Suid-Afrika 'n besigheid bedryf het deur 'n permanente saak in Suid-Afrika vir doeleindes van die dubbelbelastingooreenkoms met Switserland.

Die hof het beslis dat die aandeelhandelaar se aktiwiteite tydens bestuur van die aandeelportefeulje deel van sy normale funksies as aandeelhandelaar was, nieteenstaande die wye diskresie en ongekwalifiseerde mag van bestuur van die aandeelportefeulje wat hy gehad het en die aandeelhandelaar dus 'n onafhanklike agent was. Die belastingpligtige het dus nie 'n permanente saak in Suid-Afrika bedryf nie.

In die saak *Taisei Fire and Marine Insurance Co Ltd v Commissioner* (soos aangehaal deur Saunders, 1997: 1662) in die VSA, het 'n VSA korporasie namens vier onverbonde Japanese maatskappye as agent opgetree om kontrakte te sluit vir die onderskrywing van versekering. Die vraag was of die Japanese maatskappye permanente sake in die VSA bedryf het deur middel van die VSA korporasie wat herversekering namens hulle aanvaar het. Die hof het bevind dat die VSA korporasie onafhanklik opgetree het omdat die korporasie sy eie bedryfskoste betaal het, sy eie kontrole oor sy daaglikse bedrywighede uitgevoer het, nie noodwendig die Japanese maatskappye voor die sluiting van kontrakte moes raadpleeg nie en totale beheer oor die hantering van eise uitgeoefen het. Die vryheid waarmee die agent sy pligte uitgevoer het en die ligging van die entrepreneursrisiko by die VSA korporasie het gedui op die onafhanklikheid waarmee die agent opgetree het. Die Japanese maatskappye het dus nie permanente sake in die VSA bedryf nie.

Die vraag of 'n persoon 'n bedryf beoefen indien kommersiële aktiwiteite deur middel van 'n agent beoefen word is reeds in verskeie hofsake bespreek. Die uitsprake in die hofsake kan nou ook as riglyn gebruik word in die bepaling van die status van 'n agent vir die doeleindes van kwalifikasie as permanente saak soos omskryf in die definisie van 'n permanente saak in artikel 9C.

#### 2.6.4 Filiale

Die Katz-kommissie het in die Vyfde Verslag (Katz, 1997: 13) genoem dat passiewe inkomste ontvang deur 'n aktiewe buitelandse filiaal nie, bloot as gevolg van die verbonde party verwantskap, as aktief beskou moet word nie.

Paragraaf 5 van artikel 5 van die OECD Model bepaal dat 'n maatskappy wat 'n ander maatskappy beheer of deur 'n ander maatskappy beheer word wat permanente saak status in 'n land het, nie bloot as gevolg van die verbintenis met mekaar outomaties permanente saak status in die land bekom nie.

Die Belgiese hof het in *Etat belge v. Dollfus-Mieg et Cie. S.A.*, October 22, 1963 (soos aangehaal deur Baker, 1991: 96) bevind dat die blote beheer van 'n filiaal nie daarop dui dat die filiaal as 'n permanente saak van die houer optree nie. Indien die aktiwiteite van die filiaal namens die houer binne die ander voorsienings van Artikel 5 van die OECD Model val, mag die faktore dui op die bestaan van 'n permanente saak.

Die blote bestaan van 'n filiaal het dus nie tot gevolg dat die filiaal outomaties as 'n permanente saak van sy houermaatskappy beskou word nie, al word sy aktiwiteite deur die houermaatskappy bestuur. Die filiaal sal egter 'n permanente saak wees indien dit 'n afhanklike agent van die houermaatskappy is, dit wil sê as die filiaal namens die houermaatskappy kontrakte sluit. Die filiaal se funksies moet dus duidelik beskryf word indien dit 'n permanente saak van die houermaatskappy wil wees (Danziger, 1991: 347). Sien verder paragraaf 2.6.3 van hierdie hoofstuk vir die vereistes ten opsigte van agente.

#### 2.6.5 Vennootskappe

Die kwessie of 'n vennootskapsbelang 'n permanente saak van die individuele vennote kan vorm word nie spesifiek in die OECD Model aangespreek nie. Die rede hiervoor is dat sommige lande wel vennootskappe as



belastingentiteite beskou en dit dus baie moeilik is om 'n uniforme oplossing te vind wat vir alle lede aanvaarbaar sal wees.

Daar is geen omskrywing van 'n vennootskap in die Wet nie aangesien 'n vennootskap nie as 'n belastingentiteit erken word nie. Elke vennoot is ingevolge die bepalings van artikel 24H in die Wet in sy persoonlike hoedanigheid vir belasting op sy gedeelte van die belasbare inkomste uit die vennootskap aanspreeklik. Artikel 24H in die Wet bepaal dat elke vennoot (insluitende 'n beperkte vennoot) geag word die besigheid of bedryf te beoefen wat deur die vennootskap, waarvan hy 'n vennoot is, beoefen word. Die internasionale howe het ook al die vraag in verskeie jurisdiksies aangespreek.

Die Kanadese saak *No. 630 v. MNR* (1959) en Amerikaanse sake *Johnston* (1955) en *Donroy Ltd* (1962) het almal bevind dat, aangesien 'n vennootskap nie 'n regs persoon afsonderlik van die vennote is nie, elke vennoot 'n permanente saak in die land het as gevolg van die vennootskapsaktiwiteite. Dit sou waarskynlik slegs die geval wees waar elke vennoot die ander in kontraktuele ooreenkomste sou kon bind.

Waar 'n gesamentlike onderneming die mag het om die deelnemende ondernemers te bind, mag die deelnemende ondernemers elk 'n permanente saak in die land hê as gevolg van die gesamentlike onderneming se aktiwiteite (Baker, 1991: 97).

## **2.7 “Gepas toegerus vir die bedryf”**

Die uitsluiting in artikel 9C(3)(a) is net van toepassing op 'n permanente saak (vaste besigheidsplek soos omskryf in artikel 5 in die OECD Model) wat “gepas toegerus is vir die bedryf” van die vernaamste besigheid van die onderneming.

In paragraaf 2.6.2 van hierdie hoofstuk is genoem dat die Katz-kommissie in die Vyfde Verslag voorgestel het dat die vereiste van 'n vaste besigheidsplek verwyder moet word en in plaas daarvan die vereiste gestel moet word dat die besigheidsfasiliteit vir die spesifieke besigheid gepas toegerus moet wees. In die lig hiervan ontstaan die vraag, wat die noodsaaklikheid was vir die insluiting van die vaste besigheidsplek en die vereiste dat die onderneming “gepas toegerus” moet wees.

Die eerste afleiding wat gemaak kan word is dat dit waarskynlik aanvullend tot die substantiewe besigheidsvereiste as 'n bykomende faktor in die bepaling van 'n permanente saak bygevoeg is. Die besigheidsonderneming sal dus al die noodsaaklikhede, byvoorbeeld 'n bankrekening, voldoende befondsing, kommunikasiefasiliteite, voldoende opgeleide personeel en 'n besigheidsperseel met toepaslike kantoortoerusting vir die bedryf van sy hoofbesigheid moet hê om as 'n permanente saak te kwalifiseer.

Die tweede afleiding kan in die Vyfde Verslag (Katz, 1997: 13) gevind word. Die Katz-kommissie het oorweeg of passiewe of aktiewe inkomste omskryf moet word. Professor Klaus Vogel het vir die Katz-kommissie daarop gedui dat die definisie van passiewe inkomste as 'n anti-vermydingsmaatreeël in die Duitse Buitelandse Belastingwet gevoeg is om die kamoefling van passiewe inkomste as aktiewe inkomste te vermy. Die Katz-kommissie het voorgestel dat sekere items as passiewe inkomste beskou word, tensy die belastingpligtige kan aandui dat die inkomste in die buiteland verdien is deur 'n permanente saak wat gepas toegerus is vir die bedryf.

In die Duitse Buitelandse Belastingwet word sekere tipes inkomste, soos inkomste met 'n sogenaamde “kapitale beleggings” karakter, spesifiek uitgesluit indien die finansieringsmaatskappy geleë is in 'n lae belastingjurisdiksie. Die rede hiervoor is dat dit in die algemeen vir die belastingowerhede moeilik was om te bewys dat finansieringsmaatskappye nie 'n bona fide “bank” of “aktiewe finansierings” besigheid bedryf nie (Katz, 1997: 13).

Ingevolge die bepalings van artikel 9C word daar aanvaar dat beleggingsinkomste passief is. 'n Finansieringsmaatskappy sal dus passiewe inkomste verdien tensy die belastingpligtige kan bewys dat werklike finansieringsaktiwiteite deur 'n permanente saak onderneem word wat 'n aktiewe finansieringsbesigheid is.

Dit mag egter moeilik wees om in sekere gevalle die bogenoemde onderskeid te tref. 'n Voorbeeld hiervan is die passiewe besigheid van investering in proporsionele klein minderheidsekwiteite of finansiële instrumente teenoor werklike bankverwante aktiwiteite wat deur 'n substantiewe besigheid genereer word (Van Blerck & Horak, 1997: 19).

Dit is moontlik dat die riglyne deur subartikel 3(b) van artikel 22 (sien deel 2 van hierdie hoofstuk) van die dubbelbelastingooreenkoms met die VSA neergelê, gebruik sal word om te bepaal wanneer 'n inwoner 'n aktiewe bedryf of besigheid beoefen. Vir die doeleindes van subartikel 3(b) word die maak of bestuur van beleggings nie as 'n aktiewe bedryf of besigheid beskou nie, tensy die aktiwiteit bankwese, versekering of handel met sekuriteite, soos bedryf deur 'n bank, versekeringsmaatskappy of geregistreerde sekuriteite handelaar, behels.

Dit sou egter verkies word dat spesiale reëls, so gou as moontlik, vir sulke aktiwiteite geïmplementeer word om verwarring te voorkom (Van Blerck & Horak, 1997: 19).

### **3 IMMIGRANTE – ARTIKEL 9C(3)(b)**

Die vrystelling van sekere beleggingsinkomste ontvang deur immigrante na Suid-Afrika, ingevolge artikel 9C(3)(b), word volledig in Hoofstuk 8 bespreek.

### **4 “AKTIWITEITETOETS” VOORHEEN TOEGEPAS**

Normale belasting word in Suid-Afrika volgens die grondslag van bron gehef. Die Wet omskryf nie die term “uit 'n bron in die Republiek” nie en die

interpretasie en toepassing van die term kom dus in baie belastinghofsake ter sprake.

Voor die insluiting van artikel 9C, wat alle beleggingsinkomste verdien uit buitelandse bronne ag ontvang te gewees het uit 'n bron binne die Republiek, was dit nodig om vas te stel wat die bron van beleggingsinkomste verdien was om die belasbaarheid van die inkomste binne die Republiek te bepaal. Die howe het sekere toetse daargestel vir die bepaling van bron.

#### **4.1 Huurinkomste**

Die bron van inkomste uit die verhuring van onroerende eiendom is in *Rhodesian Metals Ltd, Liquidator v COT* (1938) bespreek. Alhoewel die belastingpligtige se hoofkantoor, waar sy besigheid bedryf en waarskynlik sy beleid geformuleer is, in die Verenigde Koninkryk was, het sy winsverdiende bedrywighede in Suid-Rhodesië, waar die onroerende eiendom geleë was, plaasgevind. Die bevinding was dus dat die bron van die inkomste in Suid-Rhodesië geleë was.

Indien veronderstel word dat die huureiendom in die bogenoemde situasie in die Republiek geleë is en dat die aktiwiteite in die Verenigde Koninkryk bedryf word deur 'n permanente saak sal die huurinkomste in dié geval ingevolge artikel 9C geag word ontvang te wees uit 'n bron in die Verenigde Koninkryk.

#### **4.2 Tantième**

In *Millin v CIR* (1928) is beslis dat Suid-Afrika die bron van tantième is wat 'n Suid-Afrikaanse romanskryfster vir eksemplare van haar boek, wat in Engeland verkoop is, ontvang het, aangesien sy haar vermoë om die boek te skryf in Suid-Afrika te skryf gebruik het en vanuit Suid-Afrika met haar uitgewers onderhandel het, alhoewel die kontrak in Engeland aangegaan is en die boeke daar verkoop is.

### 4.3 Rente

In *CIR v Lever Bros and Another* (1946) was daar, volgens CJ Watermeyer, geen aktiwiteite van enige aard deur Levers in die Republiek beoefen nie en daarom was die bron van die rente nie in die Republiek geleë nie. Die bron van rente inkomste word verder volledig bespreek in paragraaf 3 van Hoofstuk 4.

### 4.4 Gevolgtrekking

Die enigste manier waarop 'n inwoner van die Republiek die belasting van beleggingsinkomste uit buitelandse bronne in die Republiek sal kan vermy, is indien dit voldoen aan die “aktiwiteitetoets” soos neergelê deur artikel 9C(3)(a) (sien paragraaf 2 van hierdie hoofstuk).

Indien die toetse neergelê deur die howe, soos hierbo bespreek, met die toets deur artikel 9C(3)(a) neergelê vergelyk word, is dit duidelik dat dit nou baie moeiliker is om te bewys dat sekere beleggingsinkomste verdien nie passief nie, maar wel aktief van aard is. Soos geïllustreer in paragraaf 2 van hierdie hoofstuk, mag die bron van passiewe inkomste in terme van artikel 9C verskil van die bron ingevolge die reëls voorheen toegepas.

## HOOFSTUK 4

### TOEPASLIKHEID VAN ARTIKEL 9C OP ANDER ARTIKELS IN DIE WET

1	INLEIDING	53
2	ARTIKEL 9C(4)	53
3	BRON VAN RENTE-INKOMSTE	55
4	RENTE ONTVANG DEUR NIE-INWONERS	56

## HOOFSTUK 4

### TOEPASLIKHEID VAN ARTIKEL 9C OP ANDER ARTIKELS IN DIE WET

#### 1 INLEIDING

Die invoeging van artikel 9C in die Wet het tot gevolg gehad dat ander artikels in die Wet outomaties ook geraak word. Die verband tussen artikel 9C en sommige ander bepalings in die Wet sal vervolgens bespreek word.

#### 2 ARTIKEL 9C(4)

Artikel 9C(4) bepaal dat waar enige beleggingsinkomste ontvang word of toegeval het in die loop van die beoefening van 'n bedryf buite die Republiek, die bedryf by die toepassing van artikel 11 (algemene aftrekkings by vasstelling van belasbare inkomste toegestaan), artikel 20 (verrekening van vasgestelde verliese) en artikel 28 (vasstelling van belasbare inkomste uit die versekeringsbesigheid verkry) in die Wet geag binne die Republiek beoefen te gewees het.

In die Verklarende Memorandum tot die Inkomstebelastingwysigingswet No. 28 van 1997 (1997: 4) is die rede vir die insluiting van artikel 9C(4) in die Wet verduidelik. Dit is om die bepalings van die Wet, wat andersins slegs van toepassing sou wees by die beoefening van 'n bedryf in die Republiek, ook op beleggingsinkomste uit buitelandse bronne van toepassing te maak.

Die eerste vraag wat ontstaan is waarom dit net van toepassing gemaak is ten opsigte van die genoemde bepalings. Wat van byvoorbeeld artikel 12C in die Wet wat die 20% reguitlyn slytasietoelaag ten opsigte van sekere masjinerie en aanleg voorsien? Beteken dit dat die bedoeling is dat wanneer 'n masjien vir gebruik buite die Republiek verhuur word, die huurinkomste geag word van 'n bron binne die Republiek ontvang te gewees het, maar geen aftrekking kragtens artikel 12C toegelaat word nie (Mitchell, *et al.* 1997: 196).

Verder bepaal artikel 11(x) van die Wet dat enige bedrae wat ingevolge artikels 5 tot 37G in die Wet toegelaat word om van die inkomste van die belastingpligtige afgetrek te word, by die vasstelling van die belasbare inkomste deur 'n persoon verkry uit die beoefening van 'n bedryf in die Republiek, as 'n aftrekking van inkomste toegelaat word. Die vraag ontstaan dus hoekom artikels 20 en 28, wat tog binne artikels 5 tot 37G en dus ook artikel 11 (ingevolge artikel 11(x)) val, dan óók spesifiek genoem is (De Koker & Silke, 1997: 5-64).

Die bedoeling is dus duidelik dat aftrekkings en toelaes waarop 'n belastingpligtige geregtig sou wees indien die beleggingsinkomste uit 'n bron binne die Republiek verdien is, ook op die beleggingsinkomste uit buitelandse bronne van toepassing is. Indien die aftrekkings en toelaes die buitelandse beleggingsinkomste sou oorskry, kan 'n vasgestelde verlies daarmee geskep word.

Waar die beleggingsinkomste nie verkry is uit die beoefening van 'n bedryf in die buiteland nie, sal die onkoste nie aftrekbaar wees nie, aangesien dit 'n vereiste vir aftrekbaarheid van onkoste in terme van artikel 11(a) van die Wet is. Die vraag of passiewe belegging in Suid-Afrika die beoefening van 'n bedryf behels is nie duidelik nie.

Die definisie van bruto inkomste in artikel 1 van die Wet sluit die totale bedrag ontvang deur of toegeval aan 'n persoon uit 'n bron in die Republiek in. Dit sluit dus beleggings-, sowel as bedryfsinkomste in. Die algemene aftrekkings ingevolge artikel 11(a) is egter slegs aftrekbaar van die belasbare inkomste deur 'n persoon verkry uit die beoefening van 'n bedryf.

Die benadering tot dusver deur die SAID en die Suid-Afrikaanse howe toegepas (alhoewel die term "passiewe inkomste" nie in die Wet gedefinieer was nie) het daarop neergekom dat die toevalling van sekere inkomste, byvoorbeeld rente- en huurinkomste, vir meeste belastingpligtiges nie bedryfsinkomste was nie en daar gevolglik geen aftrekkings ingevolge artikel 11 geëis kon word nie. (Desnieteenstaande is dit departementele praktyk om



wel uitgawes as aftrekkings toe te staan, maar dit te beperk tot inkomste ontvang of toegeval).

Dit blyk dus dat alhoewel daar geen definisie van “passiewe inkomste” in die Wet was nie, die SAID en die hof se beslissings om nie normaalweg, byvoorbeeld rente- en huurinkomste as bedryfsinkomste te beskou nie en gevolglik geen aftrekkings ingevolge artikel 11 toe te laat nie, die tipes inkomste by implikasie as “passiewe inkomste” groepeer is.

Die belastingowerhede het egter in die Verklarende Memorandum tot die 1997 Inkomstebelastingwetswysigings bevestig dat hulle wel ’n aftrekking sal toelaat in die geval van beleggingsinkomste wat in terme van artikels 9C en 9D belas word (Van Blerck & Horak, 1997: 3).

### **3 BRON VAN RENTE-INKOMSTE**

Daar was voorheen geen statutêre definisie van die primêre bron van rente nie. Die algemene reël neergelê deur die hof in *CIR v Lever Brothers and Another* (1946) is meesal gebruik om die bron van rente inkomste te bepaal.

Die reël het bepaal dat die bron van die rente is waar die kapitaal beskikbaar gestel is. Die minderheidsbeslissing in die saak het beslis dat die eiendom self, of die gebruik daarvan, die bron van die inkomste was. Internasionaal word die bron van rente beskou as die plek waar die kapitaal gebruik word en dus waar die ligging van die debiteur is. Die bron-reëls in Suid-Afrika tot dusver toegepas verskil dus van die internasionale reëls en gee aanleiding tot probleme met die interpretasie van dubbelbelastingooreenkomste (Taxpayer, 1998: 51).

Artikel 9(6) en (7) is gevolglik gedurende 1998 by die Wet gevoeg en ag rente ontvang uit ’n bron buite Suid-Afrika, ontvang te gewees het uit ’n bron in Suid-Afrika indien dit ontvang is uit die gebruik of aanwending in die Republiek van enige fondse of krediet bekom vanaf enige vorm van ’n rentedraende ooreenkoms. Tensy die teendeel bewys word, word die plek

van gebruik of aanwending geag waar die persoon gewoonlik woonagtig is in die geval van 'n individu en waar die plek van effektiewe bestuur is in die geval van enige ander persoon.

Die rede vir die insluiting van die twee artikels is egter nie duidelik nie aangesien artikel 9C alle rente-inkomste van inwoners ontvang uit buitelandse bronne ag ontvang te gewees het uit 'n bron binne die Republiek, nie-inwoners nie hier belas word op rente-inkomste uit buitelandse bronne nie en meeste rente betaal uit die Republiek aan nie-inwoners ingevolge artikels 10(1)(h) en 10(1)(hA) van die Wet vrygestel is van belasting.

Die enigste rede vir die insluiting van die twee artikels in die Wet kan dus moontlik wees dat dit die onderhandeling en interpretasie van dubbelbelastingooreenkomste makliker maak.

#### **4 RENTE ONTVANG DEUR NIE-INWONERS**

Artikel 10(1)(hA) van die Wet stel die rente ontvang deur of toegeval aan persone (behalwe maatskappye) wat gewoonlik buite die Republiek woonagtig is of maatskappye wat buite die Republiek bestuur en beheer word, vry van belasting. Die vrystelling is egter kragtens artikel 10(1)(hA)(v) nie van toepassing op rente ontvang deur of toegeval aan 'n maatskappy wat buite die Republiek bestuur en beheer word, indien die rente effektiewelik verbonde is aan die besigheid wat deur die daardie maatskappy in die Republiek bedryf word.

Artikel 9C(3) het dieselfde oogmerk as artikel 10(1)(hA)(v), dit wil sê om aktiewe beleggingsinkomste uit te sluit, dus behoort artikel 10(1)(hA) dienooreenkomstig die uitsluiting van aktiewe inkomste te koppel aan teenwoordigheid deur middel van 'n permanente saak.

Die Katz-kommissie het gevolglik ook in die Vyfde Verslag (Katz, 1997: 23) voorgestel dat artikel 10(1)(hA) dienooreenkomstig gewysig behoort te word. Die wysiging is tot op datum nog nie in die Wet aangebring nie.

## HOOFSTUK 5

### **DIE BELEGGINGSINKOMSTE VAN BEHEERDE BUITELANDSE ENTITEITE EN BELEGGINGSINKOMSTE WAT ONTSTAAN UIT SKENKINGS, OORMAKINGS OF ANDER BESKIKKINGS – ARTIKEL 9D**

Artikel 9D is as teenvermydingsmaatreël met betrekking tot beleggingsinkomste uit buitelandse bronne (verwys artikel 9C) in 1997 by die Wet gevoeg.

Artikel 9D inkorporeer sekere teenvermydingsmaatreëls met betrekking tot inkomste van beheerde buitelandse entiteite asook beleggingsinkomste wat voortspruit uit sekere skenkings, oormakings of ander beskikkings. Die terme “beheerde buitelandse entiteit” en “deelnemende regte” word onder andere omskryf.

Die bepaling van artikel 9D het ten doel om te voorkom dat ’n inwoner kapitaal in die buiteland belê in die vorm van passiewe beleggings, welke beleggings nie in die inwoner se eie naam gedoen word nie, maar deur die buitelandse entiteit. Belasbare passiewe inkomste word sodoende herklassifiseer en in passiewe inkomste soos dividende, wat nie belasbaar is nie, omskep en/of belasting op inkomste word uitgestel of vermy deur die inkomste in die buitelandse entiteit op te hoop of te kapitaliseer.

’n Inwoner kan ook bloot kapitaal skenk, wat kan meebring dat beleggingsinkomste wat voortspruit uit bedoelde skenking, maar nie van ’n bron binne die Republiek is nie, aan ’n nie-inwoner toeval.

Die uitsluiting in artikel 9C(3)(a) is woordeliks dieselfde as die uitsluiting in artikel 9D(9)(b). Die uiteensetting van artikel 9C(3)(a) in Hoofstuk 3 is dus ook van toepassing met die interpretasie van artikel 9D(9)(b).

Aangesien hierdie werk konsentreer op die insluiting van beleggingsinkomste verdien deur inwoners in die buiteland in 'n land waar die bron van die inkomste as belastingbasis gebruik word, is dit buite die omvang van hierdie werk om die teenvermydingsmaatreël verder in diepte te ondersoek.

## **HOOFSTUK 6**

### **VERLIGTING TEN OPSIGTE VAN DUBBELE BELASTING**

1	INLEIDING	60
2	DUBBELBELASTINGGOOREENKOMSTE	60
3	KORTING TEN OPSIGTE VAN BUITELANDSE BELASTING	61

## HOOFSTUK 6

### VERLIGTING TEN OPSIGTE VAN DUBBELE BELASTING

#### 1 INLEIDING

Internasionale dubbelbelasting ontstaan as gevolg van die heffing van vergelykbare belasting deur twee of meer lande op dieselfde inkomste. Dit mag byvoorbeeld gebeur waar een land belasting op die bron-basis hef en 'n ander land belasting op die woonagtige-basis hef.

Dit is dus noodsaaklik dat belastingpligtiges, binne die internasionale belastingjurisdiksies, verligting ontvang waar belasting meer as een keer op dieselfde inkomste gehef word.

#### 2 DUBBELBELASTINGOOREENKOMSTE

Die oorsaak van dubbelbelasting is in die oorvleueling van fiskale jurisdiksies in die internasionale sfeer geleë. Die fiskale jurisdiksie van 'n land word deur die nasionale wetgewing van die land bepaal. Wanneer lande verskillende kriteria aanwend om die fiskale jurisdiksie van hulle sferes vas te stel, vind daar dikwels 'n botsing tussen hulle fiskale outoriteite plaas.

Daar is geen internasionale (publieke) regsreël wat lande verbied om hulle fiskale jurisdiksie uit te brei soos hulle verkies nie. Dubbelbelasting-ooreenkomste het ontstaan om die dubbelbelastinglas, wat as gevolg van die oorvleueling van fiskale jurisdiksies van lande ontstaan het, teen te werk (Horak, 1987: 5-8).

Die hoofdoelwit van dubbelbelastingooreenkomste is om dubbelbelasting te minimiseer, maar ook om belastingvermyding te verhoed. Ander doelwitte mag die fasilitering van ekonomiese transaksies en aanmoediging van belegging wees of in die algemeen om ekonomiese doelwitte na te streef en internasionale handel te bevorder.

Die belasting van beleggingsinkomste uit buitelandse bronne in Suid-Afrika, kan tot die dubbele belasting van sodanige inkomste in Suid-Afrika, sowel as in die land waarvandaan die inkomste ontvang is, aanleiding gee.

Ten spyte van die bestaan van dubbelbelastingooreenkomste sal belastingpligtiges steeds probeer om die dubbele belasting van inkomste te vermy. Dit is as gevolg van die moontlike negatiewe kontantvloei-implikasies veroorsaak deur die betaling van buitelandse belasting wat weer later verhaal word. Daar mag ook redelike administratiewe koste en rompslomp aan die registrasie en belastingverklarings in verskillende lande verbonde wees (Saunders, 1997: 103).

Suid-Afrika is tans besig met die onderhandeling van dubbelbelastingooreenkomste met verskeie lande na die hertoetrede tot die internasionale sakewêreld.

### **3 KORTING TEN OPSIGTE VAN BUITELANDSE BELASTING**

Artikel 6*quat* van die Wet voorsien 'n aftrekking van Suid-Afrikaanse normale belasting van die geheel of 'n gedeelte van buitelandse belasting betaalbaar ten opsigte van inkomste ingesluit in die Suid-Afrikaanse belastingaanslag.

Waar beleggingsinkomste dus aan 'n inwoner toeval ingevolge artikel 9C en onderworpe is aan normale belasting, is die inwoner geregtig op 'n korting ten opsigte van die buitelandse belasting betaal. Die korting is beperk tot die kleinste van die buitelandse belasting betaalbaar en die normale belasting toeskryfbaar aan die insluiting van die buitelandse beleggingsinkomste.

## HOOFSTUK 7

### INVORDERING VAN DIE BELASTING

Artikel 9C handel oor die belasting van beleggingsinkomste uit buitelandse bronne. Die inkomste is dus in die buiteland verdien en vanaf internasionale instellings ontvang of toegeval.

Finansiële instellings en ander beleggingnemers dien wêreldwyd as 'n groot bron van verslagdoening ten opsigte van betalings aan beleggers gemaak. Dit dien dan ook as maatreël om belastingpligtiges te ontmoedig om belasting op inkomste te ontduik.

Die probleem is egter dat internasionale finansiële instellings nie bereid is om en ook nie verplig kan word om namens die SAID vrae te vra nie. Daar is dus geen manier om die belasting in te vorder nie, tensy die betrokke persoon bereid is om die inkomste te verklaar (De Lange, 1997: 65).

Daar bestaan verdere kommer dat belastingbetalers wat tot dusver geld onwettig in die buiteland belê het ontmoedig sal word om hul inkomste behoorlik te verklaar. David Lerner voel dat "hul bedoelings sal nie sommer deur sê nog 'n amnestie verander word nie" (soos aangehaal deur De Villiers, 1997: 14).

Belastingpligtiges in Suid-Afrika word verplig om belastingverklarings te teken wanneer hulle geld in die buiteland wil belê. Die strekking van die verklaring is dat hulle op goeie voet staan met die SAID en toepaslike belastingnommers moet verskaf. Kommersiële banke hou een afskrif van die vorm en die ander word aan die relevante owerhede oorhandig. Aan die einde van die belastingjaar moet beleggers die inkomste ontvang uit die buitelandse beleggings openbaar. Belastingpligtiges wat nie die volle bedrae openbaar nie kan 'n addisionele boete van tot 200% van die verskuldigde bedrag opgelê word (*Taxgram*, 1997: Par 10).



Die Minister van Finansies het onlangs bekendgemaak dat, sedert die verslapping van valutamaatreëls op 1 Julie 1997, vyfduisend individue 'n totaal van R700 miljoen in die buiteland belê het. Hulle was almal verplig om 'n verklaring te teken dat hulle op goeie voet met die Ontvanger van Inkomste staan en die Minister het aangedui dat 802 van hulle nie so was nie (soos berig deur *The Sunday Times* 15 Februarie 1997 en aangehaal deur *Taxgram*, 1998: Par 8).

Belastingpligtiges is egter huiwerig om hulle buitelandse bates te verklaar omdat hulle nie in 'n penarie wil beland as die SAID eers weet van hulle oorsese beleggings nie. Belastingkenners is dit eens "dat die vermoë van die regering om hierdie beleggers se vertroue te wen, 'n sleutelrol gaan speel". 'n Skatting gedoen deur Syfrets, is dat bates deur Suid-Afrikaners in die geheim opgebou sedert valutabeheer ingestel is, meer as R30 miljard beloop. Die bates is boonop waarskynlik onder ander name belê (De Lange, 1997: 65).

Belastingpligtiges is ook huiwerig dat die regering weet waar en hoeveel van hulle geld daar belê is in geval die regering valutabeheer weer ophef of inkort. Ten einde inwoners aan te moedig om nou buitelandse beleggings terug te bring en sodoende belasting op die inkomste in te vorder, sal die demokratisering en herstrukturering van so 'n aard moet wees dat belastingpligtiges hulle vertroue in die land se regering sal herwin. Die opbrengspotensiaal tuis moet ook beter wees as in die buiteland (De Lange, 1997: 65).

Die beleggingsinkomste van nie-inwoners word ook in sommige gevalle in Suid-Afrika belas. Ingevolge artikel 9(2)(b) word buitelandse beleggingsinkomste ontvang deur 'n nie-inwoner, wat ontstaan uit aktiwiteite deur hom bedryf deur middel van 'n permanente saak in die Republiek, in die Republiek belas. 'n Buitelandse persoon word dus deur Suid-Afrika belas op inkomste deur daardie persoon buite die Republiek verdien. Buitelanders moet 'n belastingopgawe vir alle inkomste uit 'n Suid-Afrikaanse bron indien (Huxham & Haupt, 1997: 301). Die vraag ontstaan ook of Suid-Afrika die bevoegdheid het om die betaling van die belasting af te dwing. Kan die Suid-Afrikaanse

belastingowerhede dus belasting op beleggingsinkomste, in die buiteland verdien, verhaal van persone wat buite die territoriale gebied van die land is?

Die elektroniese era raak ook die invordering van belasting negatief . Die “permanente plek van verblyf” van ’n persoon het ’n baie relatiewe en verouderde begrip geword en belastingsake kan maklik gemanipuleer word deur tussen belastingvoordelige lande “rond te trek” sonder die nodige “spore” vir die SAID om jou op te spoor (De Villiers, 1997: 14). Die Internet en die wêreldwye inligtingsnetwerk is vinnig besig om die normale roete vir transaksies te word wat ’n verdere negatiewe invloed op die verslagdoening van transaksie sal hê (sien Hoofstuk 9 in dié verband). ’n Moontlike gevolg hiervan sal wees dat belastingowerhede meer op ’n internasionale basis met mekaar sal moet kommunikeer. Internasionaal het samewerking binne die OECD (“Organisation for Economic Co-operation and Development”) en ook die uitruil van inligting tussen owerhede, beide formeel deur middel van belastingooreenkomste en informeel deur persoonlike kontak, toegeneem (Courtenay, 1998: 52-53).

In gevalle waar dubbelbelastingooreenkomste bestaan, is dit gebruikelik dat die regering van kontrakterende lande inligting met betrekking tot belastingbetalers uitruil (Van Breda, 1998: 32). Artikel 26 van die OECD Model handel oor die uitruil van inligting. Die artikel bepaal dat die owerhede van die kontrakterende lande die inligting wat nodig is om die voorsienings van die konvensie of die nasionale wette van die kontrakterende lande betreffende die belasting gedek deur die wette, uit te voer, sal uitruil. Die inligting moet as vertroulik hanteer word en slegs aan persone betrokke by die aanslag, toepassing en invordering van die belasting, bekendgemaak word. Die inligting mag ook slegs vir dié doel gebruik word.

Dit blyk dus duidelik dat die owerheid grootliks op die eerlikheid van die belastingbetalers sal moet staatmaak om suksesvol te wees om die belasting van beleggingsinkomste verdien uit buitelandse bronne in te vorder. Die belangrikste element hiervoor is dat die vertroue van die belastingpligtiges gewen moet word.

## HOOFSTUK 8

### REGVERDIGHEID VAN DIE BELASTING EN DIE EFFEK OP IMMIGRASIE

Artikel 9C is van toepassing op alle inwoners van die Republiek. Immigrante na Suid-Afrika wat beleggingsinkomste uit 'n buitelandse bron ontvang is dus aanspreeklik vir Suid-Afrikaanse belasting daarop slegs vanweë hulle woonagtigheid in Suid-Afrika sonder enige oorweging ten opsigte van die oorsprong van die bates wat die beleggingsinkomste produseer.

In die Verklarende Memorandum tot die Inkomstebelastingwysigingswet No. 28 van 1997 (1997: 3) is gesê dat, in die afwagting van 'n finale besluit ten opsigte van die belasting van wêreldwye inkomste wat toeval aan inwoners, die huidige wetgewing geïmplementeer is om die Suid-Afrikaanse belastingbasis te beskerm ná die verslapping van buitelandse valutabeheermaatreëls. Artikels 9C en 9D gaan baie verder deurdat inkomste uit beleggings wat geen verbintenis het met Suid-Afrikaanse kapitaal of ander bronne en ook nie die verslapping van valutabeheer het nie, gedek word (Taxpayer, 1997: 106).

Artikel 9C(3)(b) bied wel 'n vrystelling ten opsigte van beleggingsinkomste van 'n inwoner wat ontstaan uit bates deur 'n natuurlike persoon verkry voordat hy vir die eerste maal gewoonlik in die Republiek woonagtig geword het, maar slegs ten opsigte van die eerste drie opeenvolgende jare van aanslag eindigende op of na 28 Februarie 1998. Enige beleggingsinkomste wat immigrante ontvang vir jare geëindig na 29 Februarie 2000, ongeag die feit dat die kapitaal waaruit die beleggingsinkomste verdien is 'n oorsprong buite Suid-Afrika het, sal dus ten volle in Suid-Afrika belasbaar wees.

Artikel 10(1)(w) van die Wet het voorheen 'n vrystelling van belasting gebied aan kwalifiserende immigrante ten opsigte van rente verdien op beleggings in depositonemende instellings, waar die belegging gemaak is voor die persoon vir die eerste maal gewoonlik in die Republiek woonagtig geword het uit fondse wat buite die Republiek verdien is. Die onreëlmatige omstandighede

het ontstaan dat beleggingsinkomste van depositonemende instellings verskillend van ander beleggingsinkomste hanteer is. Die skrapping van die vrystelling gedurende 1998 het immigrante redelik hard getref, aangesien hulle daarop staatgemaak het in die oorweging van immigrasie.

Dit blyk dus dat die oorhaastige invoeging van artikels 9C en 9D in die Wet tot sommige inkonsekwentheid en ongelykheid lei, veral wat die penalisering van immigrante betref. Die tekortkominge van artikel 9C, veral wat betref immigrante, dui moontlik op die belangrikheid van die oorweging van die woonagtige-basis van belasting en gepaardgaande daarmee die onderskeid tussen aktiewe en passiewe inkomste vir Suid-Afrika (Taxpayer, 1997: 106).

## HOOFSTUK 9

### DIE EFFEK VAN DIE ELEKTRONIESE TOEKOMS OP DIE BELASTING VAN BELEGGINGSINKOMSTE UIT BUITELANDSE BRONNE

1	INLEIDING	68
2	PERMANENTE SAAK	69

## HOOFSTUK 9

### DIE EFFEK VAN DIE ELEKTRONIESE TOEKOMS OP DIE BELASTING VAN BELEGGINGSINKOMSTE UIT BUITELANDSE BRONNE

#### 1 INLEIDING

Die groot veranderinge wêreldwyd deur moderne elektroniese kommunikasies veroorsaak, is besig om belastingmoondhede te dwing om inderhaas belastingstelsels te hersien ten einde met die veranderinge tred te hou. Artikels 9C en 9D het betrekking op die belasting van beleggingsinkomste uit buitelandse bronne en die elektroniese era sal dus 'n groot impak op die belasting hê (sien ook Hoofstuk 7).

Regerings worstel tans wêreldwyd met die belasting van transaksies wat hulle oorsprong en ontstaan op die Internet het. Binne die groot onsekerheid is daar een ding seker: verbruikers, belastingagente en industrieë het leiding nodig ten opsigte van elektroniese transaksies en nie net op nasionale vlak nie, maar binne die internasionale arenas (Margaroli, 1997: 632).

Transaksies wat deur die Internet gesluit kan word gee aanleiding tot 'n groot aantal internasionale belastingkwessies wat aangespreek moet word om te bepaal watter jurisdiksie die transaksie mag belas en watter reëls die bepaling van die bedrag belasting sal reguleer. Die karakterisering van die transaksie, die bron van die transaksie, of die transaksie 'n permanente saak geskep het, of die inkomste "effektief verbonde" of vaste of bepaalbare jaarlikse of periodieke inkomste is en hoe terughoubelasting afgedwing gaan word, is van die kwessies wat in die VSA aandag geniet. Die algemene siening ten opsigte van die skepping van spesiale belastingwetgewing vir Internettransaksies is om eers met gevestigde belastingbeginsels te probeer werk. Dit is veral omdat die bron-reëls in meeste belastingjurisdiksies relatief uniform in hulle algemene klassifikasies is (Levey, O'Donnell & Powers, 1997: 476-478).

Die Katz-kommissie het in sy Vyfde Verslag (Katz, 1997: 31) genoem dat daar nie voorgestel word dat Suid-Afrika 'n hele nuwe belastingstelsel moet ondersoek ten einde die bogenoemde veranderinge te kan hanteer nie. Die Katz-kommissie het wêreldwyd geen voorbeelde of voorstelle opgespoor wat met die ontwikkelinge handel nie. Dit sou dus arrogant en gevaarlik vir Suid-Afrika wees om 'n pioniersrol op dié gebied te probeer vertolk. Die siening is egter dat die voorstelle in die Vyfde verslag ten opsigte van die internasionalisering van Suid-Afrikaanse belastingwetgewing met betrekking tot internasionale handel en belegging 'n groot faktor in die land se bevoegdheid om die veranderinge te hanteer, sal wees. Die Suid-Afrikaanse stelsel sal in 'n beter posisie as meeste ander lande wees om tegniese veranderinge soos dit ontwikkel tussen handeldrywende nasies te absorbeer.

In paragraaf 4 van die OECD Kommentaar tot artikel 7 (besigheidswinste) (OECD, 1997: C(7)-2), is die ontwikkelinge van aktiwiteite sedert die 1950s in die ruimte, aangespreek. Die lansering van vuurpyle en ruimteskepe, die permanente teenwoordigheid van menslik bemande satelliete in die ruimte vir langer en langer tydperke en industriële aktiwiteite wat in die ruimte uitgevoer word is enkele voorbeelde wat genoem word. Die vraag wat gevra word, is of dit nodig is om spesiale voorsienings vir die omstandighede in die OECD Model te skep. Geen land oorweeg dit om sy jurisdiksie na die ruimte uit te brei nie en die ruimte kan dus nie beskou word as die bron van die inkomste nie. Die gevolgtrekking is dat die OECD Model dus voldoende behoort te wees om enige probleme op te los.

Die probleem van transaksies wat plaasvind in die ruimte is dus nie heeltemal nuut en uniek aan die Internet nie. Die impak van die ontstaan van die Internet het net die probleem vergroot en wesenlik na vore gebring.

## **2 PERMANENTE SAAK**

Die vrystelling van belasting op beleggingsinkomste verdien uit buitelandse bronne, soos bespreek in Hoofstuk 3, hang grootliks af van die bedryf van besigheidsaktiwiteite deur 'n permanente saak in die buiteland. Die fisiese

teenwoordigheid van 'n besigheidsonderneming in die buiteland is dus 'n bepalende faktor.

Die Hooggeregshof het in die saak *Quill Corporation v North Dakota* (soos aangehaal deur Betts, 1995: 64) herbevestig dat state in Amerika slegs belasting op verskaffers buite die betrokke staat mag hef indien die verskaffer 'n fisiese teenwoordigheid, soos 'n fabriek of winkel, in die betrokke staat het. Die hof het by sy beslissing gehou, alhoewel die kritiek daarteen was dat die fisiese teenwoordigheidstoets verouderd is in 'n tyd waar meeste interstaat handel deur middel van pos, faks en modem gedryf word (Betts, 1995: 64).

Belastingowerhede sal egter analogieë en ontledings wat die vloeï van elektronies-kommersiële transaksies na binnelandse vaste besigheidsplekke kanaliseer, probeer ontwerp. Die eerste vraag is egter of die geografiese teenwoordigheid van 'n bediener met 'n relevante Webblad genoegsaam is om 'n permanente saak te skep. Die tweede vraag is of die Internet diensverskaffer 'n afhanklike agent van die ondernemer is.

Dit blyk dus duidelik hieruit dat die fisiese teenwoordigheidstoets deur middel van 'n permanente saak, in die lig van die elektroniese era, reeds verouderd is. Belastingowerhede sal egter, in die lig van die huidige permanente saak reëls, maniere moet vind om die inkomste uit elektronies-kommersiële transaksies na binnelandse vaste besigheidsplekke te kanaliseer.



## HOOFSTUK 10

### SAMEVATTING EN GEVOLGTREKKING

Die hoofdoel van hierdie werk was om binne die konteks van die Katz-kommissie se Vyfde Verslag die belasting van beleggingsinkomste uit buitelandse bronne in Suid-Afrika te ondersoek deur 'n kritiese ontleding van artikel 9C wat gedurende 1997 by die Wet gevoeg is. Die klem van die ondersoek het geval op die uitsluiting in artikel 9C(3)(a) van sogenaamde "aktiewe beleggingsinkomste".

Met effek van 1 Julie 1997 is valutabeheer vir Suid-Afrikaanse inwoners versag wat tot die gevolg gehad het dat Suid-Afrikaners nou vryelik beleggings in die buiteland kan maak. Ten einde die "bronne-uittoeg" te verhinder is artikels 9C en 9D met ingang 1 Julie 1997 in die Wet gevoeg. Artikel 9C handel oor die belasting van beleggingsinkomste van buitelandse bronne.

Die doel van die studie was om veral die nuwe terme in artikel 9C in die Wet te ontleed en die insluiting van die artikel in die Wet krities te beskou binne die konteks van die aanbevelings van die Katz-kommissie in die Vyfde Verslag. Die Katz-kommissie se Vyfde verslag is bestudeer en daar is bevind dat aanbevelings oor 'n aantal fundamentele belastingkwessies, onder andere die bron- teenoor verblyf-grondslag en die onderskeid tussen die belastingbehandeling van aktiewe inkomste en passiewe inkomste gemaak word. Die Katz-kommissie het tot die slotsom gekom dat die bron-stelsel in beginsel moet bly, aangesien dit aan Suid-Afrika 'n globale mededingingsvoordeel gee. Daar moet egter 'n onderskeid getref word tussen aktiewe inkomste, wat op die bron-grondslag belas behoort te word en passiewe inkomste, wat op die verblyf-grondslag belas behoort te word.

Die invoeging van artikels 9C en 9D in die Wet is as tussentydse maatreëls voorgestel, maar die beginsel om buitelandse passiewe inkomste te belas is bevind om in lyn met die Vyfde Verslag se voorstelle te wees en sal

waarskynlik permanent word. Die Vyfde Verslag het voorgestel dat aktiewe inkomste omskryf word en die res as passiewe inkomste beskou word. In artikel 9C word beleggingsinkomste (of sogenaamde passiewe inkomste) omskryf, met 'n uitsluiting in artikel 9C(3)(a) vir beleggingsinkomste wat as aktiewe inkomste kwalifiseer. Die begrippe van artikel 9C is egter grootliks bevind om op internasionale modelle van belastingkonvensies en buitelandse belastingkodes gebaseer te wees wat in lyn is met die voorstelle in die Vyfde Verslag.

Ten einde die ontleding van artikel 9C te kon doen was 'n ondersoek na die gebruik van artikel 9C-begrippe of soortgelyke begrippe in die internasionale belastingkonvensies nodig. Die OECD Model en OECD Kommentaar was van die hoofbronne wat riglyne kon verskaf in die ondersoek.

Daar is gevind dat die begrippe “gewoonlik woonagtig”, “plek van effektiewe bestuur”, “permanente saak”, “effektief verbonde aan” en “besigheidsaktiwiteite bedryf” almal internasionaal verstaanbare begrippe is en gevolglik kon die begrippe redelik aan die hand van nasionale en internasionale belastingkonvensies en hofsake ontleed en interpreteer word.

Die begrippe “substantiewe besigheidsonderneming” en “gepas toegerus vir die bedryf” is egter nie voorheen in die Wet gebruik nie en ook nie begrippe wat internasionaal gebruik word nie. Die begrippe is ontleed en daar is met behulp van die Vyfde Verslag, woordeboekbetekenisse en internasionale gebruike van sommige dele van die begrippe, raamwerke neergelê waarbinne die begrippe moontlik geïnterpreteer kan word. Daar is gevind dat die SAID riglyne sal moet verskaf vir die toepassing van hierdie begrippe aangesien sommige van die kwalifikasies nie definitief is nie en in die toekoms tot dispute mag lei.

Die skrywer het ook tot die gevolgtrekking gekom dat daar verskeie tekortkomings en ongelykhede in artikel 9C voorkom.

Die uitsluiting in artikel 9C(3)(a) is byvoorbeeld slegs op inwoners van toepassing. Immigrante na Suid-Afrika word verder op alle beleggingsinkomste belas, vanaf die tydstop dat hulle inwoners van Suid-Afrika word, ongeag wanneer en uit watter bron die kapitaal bekom is.

Daar is bevind dat die insluiting van artikel 9(6) en (7) gedurende 1998 in die Wet, wat die bron van rente-inkomste bepaal, in 'n mate met artikel 9C ooreenstem. Die vrystelling in artikel 9C(3)(a) verwys ook na inkomste met betrekking tot 'n permanente saak, terwyl die vrystelling in artikel 10(1)(hA), wat dieselfde oogmerk ten opsigte van rente het, nie die permanente saak vereiste insluit nie.

Ten einde 'n kritiese ontleding van die belasting van beleggingsinkomste uit buitelandse bronne te doen, was dit nodig om die invorderbaarheid van die belasting te beskou. Daar is bevind dat die onwettige belegging van fondse in die verlede en die onseker huidige ekonomiese toekoms in Suid-Afrika, beleggers mag ontmoedig om hul buitelandse beleggingsinkomste behoorlik te verklaar. Die bronne waaruit die beleggingsinkomste verdien word is verder wêreldwyd geleë en dit is onwaarskynlik dat inligting vanaf die beleggingnemers bekom sal word.

Die elektroniese era dwing belastingmoondhede wêreldwyd om inderhaas belastingstelsels te hersien. Een van die belangrikste belastingkwessies wat oorweeg word is die bron van transaksies wat op die elektroniese netwerke plaasvind. In die ondersoek na die bron van beleggingsinkomste in die buiteland verdien, was dit dus in hierdie werk noodsaaklik om kortliks die effek van die elektroniese toekoms op artikel 9C in die Wet te ondersoek.

Daar is bevind dat veral die fisiese teenwoordigheidstoets deur middel van die permanente saak onder verdenking is in 'n tydperk waar transaksies in die netwerkruimte geskied. Dit is egter 'n wêreldwye probleem wat internasionaal gedebatteer word. Die internasionalisering van die Suid-Afrikaanse Inkomstebelastingwet in artikel 9C, soos hierbo bespreek, is egter voorlopig

voldoende aangesien dit die Wet bevoeg maak om internasionale veranderinge te hanteer.

Die slotsom waartoe die skrywer in hierdie studie gekom het, is dat meeste van die begrippe in artikel 9C internasionaal verstaanbaar is en ontleed kon word, wat die Wet wêreldwyd meer aanvaarbaar en verstaanbaar behoort te maak. Die boodskap hieruit aan die wêreld is dat Suid-Afrika in die globale mark inbeweeg en internasionale ontwikkelings in ag neem.

Die SAID sal egter riglyne ten opsigte van die onduidelike begrippe moet verskaf en die nodige ongelykhede en inkonsekwentheid in die Wet moet regstel ten einde die vertroue van belastingpligtiges volkome te bekom en om dit sodoende 'n invorderbare en afdwingbare belasting te maak.

Die SAID sal ook in die lig van die invloed van die elektroniese toekoms wêreldwyd op belastingjurisdiksies, tred moet hou met en vinnig reageer op ontwikkelinge in die dinamiese gebied ten einde sy eie belastingjurisdiksie te beskerm.

In die lig van verdere ondersoek deur die SAID, gebaseer op die aanbevelings van die Katz-kommissie in die Vyfde Verslag, verskaf artikel 9C in die algemeen 'n stel internasionaal-aanvaarde beginsels wat as soliede basis vir toekomstige ontwikkelinge kan dien.

**BRONNELYS****LYS VAN BOEKE EN TYDSKRIFTE**

- August, JD & Schepps, MD** 1992: S Corporations. *Journal of partnership taxation*, Vol 9, 261–270.
- Baker, P** 1991: *Double taxation agreements and international tax law*. London: Sweet and Maxwell.
- Betts, M** 1995: Internet renews tax battles. *Computerworld*, June 1995, 64.
- Brown, R** 1995: Convert C Corporation to S Corporation at Retirement for Passive Income. *The Tax Adviser*, August 1995, 470-471.
- Clegg, D** 1996: Source for the goose. *Tax Planning*, April 1996, 41-44.
- Cohen, F** 1986: Some tax implications for a South African taxpayer investing in the United States, *Universiteit van Witwatersrand*.
- Courtenay, A** 1998: The sky's the limit. *The Banker*, February 1998, 52-53.
- Cronjé, M & Stack, EM** 1997: *Die Belasting van Individue en Maatskappye*. Durban: Butterworths.
- Cronjé, W** 1997: Taxing foreign income. *Finance Week*, April 17, 19-23.
- Danziger, E** 1991: *International Income Tax: The South African Perspective*. Durban: Butterworths.
- Danziger, E & Cronje, M** 1997: *Belastinghandboek*. Durban: Butterworths.
- De Koker, AP & Silke, J** 1997: *Silke Tax Yearbook 1997/1998*. Durban: Butterworths.
- De Koker, AP** 1998: *Silke on South African Income Tax*. Durban: Butterworths.
- De Lange, L** 1997: Katz laat kenners kopkrap. *Finansies & Tegniek*, April 1997, 42.
- De Lange, L** 1997: Nuwe dilemma vir belastingbetalers. *Finansies & Tegniek*, April 1997, 65.
- De Villiers, TJ** 1997: Passiewe inkomste in belastingnet getrek. *Finansies & Tegniek*, April 1997, 14.
- Finance Week** 1997: Avoiding a tax fight. January 30, 18.

- Horak, JDD** 1987: The use and abuse of double taxation agreements, University of Stellenbosch.
- Hoyle, S** 1996: Connecting factors for UK corporate tax. *International Tax Review*, April 1996, 42-45.
- Huxham, K & Haupt, P** 1998: Aantekeninge oor Suid-Afrikaanse Inkomste-belasting. Kaapstad: H&H Publications.
- Katz, MM (Voorsitter)** 1997: Vyfde interim verslag van die Kommissie van Ondersoek na die Republiek van Suid-Afrika se belastingstruktuur. Pretoria Staatsdrukker.
- Lai King, E** 1997: New concept in tax law as capital controls go. *Finance Week*, June 26, 24.
- Lerner, D** 1997: Die vyfde Katz-verslag; belasting. *Finansies & Tegniek*, April 18, 25.
- Levey, M; O'Donnell, T & Powers, J** 1997: Cyberspace Transactions Present Interesting International, State and Local Tax Issues, *The Tax Executive*, November 1997, 477-487.
- Margaroli, R** 1997: Federal and State Governments wrestle with Cybertaxes. *The Tax Adviser*, October 1997, 632.
- Mazansky, E** 1994: The concept of residence in South African tax legislation, *SA Tax Review*, July 1994, 78-82.
- Meyerowitz, D** 1997: Meyerowitz on Income Tax. Cape Town: The Taxpayer CC
- Mitchell, L; Stein, M & Silke, J** 1997: Income from foreign sources, *Income Tax Reporter*, October 1, 194-204.
- Organisation for Economic Co-operation and Development(OECD).**  
Model double taxation convention on income and on capital: report of the OECD Committee on Fiscal Affairs. Paris, 1997.
- Passos, A** 1986: Tax treaty law. Kenwyn: Juta.
- Ruefenacht** 1994: Rental real estate and Sec. 1375, *The Tax Adviser*, September 1994, 549-550.
- Saunders, R:** *International Tax Systems and Planning Techniques*. London: FT Law & Tax.

**Simpson, JA & Weiner, ESC** 1989: The Oxford English Dictionary, Second Edition, Volume XVII. Oxford: Clarendon Press.

**Staatskoerant** 18553, 6N R.1721, 15 Desember 1997.

**Taxation for Accountants:** Restaurant rents were not passive investment income. November 1995, 303-304.

**Taxgram:** Tax briefs – Investing overseas, August 1997, par 10.

**Taxgram:** Tax brief – On the wrong side of the Receiver, March 1998, par 8.

**Taxpayer:** Katz Commission: Fifth Interim report, May 1997, 82-85

**Taxpayer:** Sections 9C and 9D revisited, May 1998, 81-88.

**Taxpayer:** Source of interest, March 1998, 51.

**Taxpayer:** Deemed source, June 1997, 102-108.

**Van Blerck, M & Horak, W** 1997: South Africa – Expansion of source – based taxation. Info Tax, June 1997, 1-40.

**Van Breda, H** 1998: Sake buite SA kan jou duur kos. Finansies & Tegniek, September 1998, 32.

**Verklarende Memorandum tot die Inkomstebelastingwet no. 28 van 1997,** 1997, WP1.

**Vogel, K** 1991: Klaus Vogel on Double Taxation Conventions. Netherland: Kluwer Law & Taxation Publishers.

**Zook, JD** 1994: State tax obligations can survive out-of-state move. Taxation for accountants, December 1994, 339-343.

## **SUID-AFRIKAANSE HOFBESLISSINGS**

Levene v IRC, 1928 AC 217 (13 TC 486)

H v COT, 1960 (3) SA 695 (SR) (23 SATC 292)

Transvaal Associated Hide and Skin Merchants v COT, Botswana 29, 1967 SATC 97

SIR v Downing, 1975 (4) SA 518 (A)

CIR v Lever Brothers and Another, 1946 AD 441, 14 SATC 1

Rhodesion Metals Ltd, Liquidator v COT, 1938 AD 282, 9 SATC 263

Millin v CIR, 1928 AD 207, 3 SATC 170

CIR v Kuttel, 1992 (3) SA 242 (A)

### **KANADESE HOFBESLISSINGS**

No 630 v MNR, 1959 (59) D.T.C. 300

### **AMERIKAANSE HOFBESLISSINGS**

Johnston, 1995 (24) T.C. (U.S.) 920

Donroy Ltd, 1962 301 F.2d.200

Georges Simenon, 1965 (44) T.C. (U.S.) 820 (U.S. Tax Court)

Consolidated Premium Iron Ores Ltd, 1959 (265) F.2d.320

Swank & Son, Inc v United States, 1975 (522) F.2d.981

Feingold v Commisioner, 1968 (49) T.C. 461